# JOHAN LOOCK

**Datum:** **27 Maart 2010**
**Plek:** **Bloemfontein**
**Vraagsteller (V): Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement |Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A): Johan Loock | Geoloog: SANAE, 1964 (oorname); Marion: 1997, 1998 (oorname); Gough: 1998 (oorname)**

**V:** Nou natuurlik die eerste vraag, is maar die belangstelling in Antarktika en die Suidelike Oseaan en die eilande – klink my dit kom van kleintyd af?

**A:** Ja, ek het op 'n plaas in die Karoo grootgeword. Nou, snaaksgenoeg, het ons daar twee boeke gehad – *Skeleton Coast* deur Marsh, en natuurlik *No Pathway Here* – en ek het op daai boeke as te ware grootgeword. En ek het van kleins af gelees oor die Antarktika. En toe ek nou begin het groter word, het ek nou gelees van Admiraal Byrd van Amerika, wat jy van weet, en van Paul Siple, né – het hy nie die boek geskryf *90$^o$ South* of so iets nie?

**V:** Ja.

**A:** Daai goed het ek gelees.

**V:** Een van die groot geeste van die IGY ook gewees ...

**A:** Ek het al daai goed gelees. En ek het 'n *National Geographic* gehad van ek weet nie watter jaar nie – die jaar – wat die hele stuk oor die Antarktika in was. En dit het ek by die plaas gebêre. En toe ek hoor jy kan Antarktika toe gaan, toe't ek vir my ma-hulle gesê gaan kyk in dáái stoorkamer, op dáái plek, in dáái rak en dáái kas, dan stuur jy daai boek vir my. Maar voor dit ... Ek het in die Kaap skoolgegaan, in die Jan van Riebeeck, en daar was ek 'n seekadet gewees. Hulle het seekadette daar begin. En na seekadette is ek natuurlik heel logies na Saldanha, die Vlootgimnasium, as 'n vrywilliger, in '56. En daar't ek 'n groot kans gemis om by Marion uit te kom. Want eendag sit ons in die eetsaal by middagete of aandete, en 'n Adjudant-Offisier Mole het daar aangekom en aangekonding – ons was 150 daar in die eetsaal; gesê hy soek 'n stuk of 10 of hoeveel, 15 vrywilligers vir 'n baie slegte en 'n vuil *job*, soos wat hy dit genoem het – 'n *dirty job* – en ek *volunteer* natuurlik. Ek weet nie waarvoor nie, maar ek steek my hand op. Maar voor hy by my kan kom, toe's sy lys al vol al.

**V:** Agge nee.

**A:** Ja. Ek het in daai kant ... hy't by dit begin ...

**V:** So die *dirty job* was om saam te gaan Marion toe?

**A:** Om saam te gaan met ‘n Vlootskip – die Transvaler of die Good Hope, of wat ook al – Marion toe. En toe kondig hy aan dat hierdie mense vertrek ook ‘n week Marion toe. Weet, dit was vir my ‘n verskriklike dilemma, maar ek kon niks daaraan doen nie. En toe’t ek nou aangehou met my leeswerk nog al dit tyd, tussen my geologiese goed. En in ’63, toe was ek ‘n jong dosent by die Universiteit van Wes-Kaapland in geologie, maar in die Aardryksundedepartement. Toe hoor ek op ‘n manier dat daar wel waarnemers afgegaan het na die Antarktika toe. En onmiddellik het ek my departementshoof gaan sien, Koos van Zyl, en vir hom gesê kom ons gaan Antarktika toe. Toe vra hy wie sê? kom ons doen aansoek. Toe doen ons aansoek; toe kry ons ons Rektor om ‘n brief te skryf; ons doen aansoek om as vrywilligers af te gaan en terug te kom.

**V:** By wie’t julle aansoek gedoen?

**A:** Departement van Vervoer.

**V:** Wie was sekretaris op daai oomblik?

**A:** Nee, dit kan ek nie onthou nie. Maar ons het die brief gerig nou aan ‘n spesifieke ou. Dit het ek uitgevind, baie seker gemaak my brief gaan na ‘n presiese persoon toe, sien.

**A:** En hulle het brief teruggeskryf en gesê dat hulle kan ons nie aanstel op so en so nie. Maar op die ou end het hulle elke ou ‘n salarissie betaal. Ek was iets soos ‘n algemene assistent, graad 6. Ek dink jy moes Standerd 6 gehad het om aangestel te word as ‘n algemene assistent, graad 6! En dit het betaal vir my kleurfilms, my films wat ek geneem het daar anderkant. My swart-en-wit- en my kleur- en my skyfiefilm.

**V:** Maar het hulle darem vir julle klere gegee?

**A:** Ja. Hulle het vir ons die klere gegee; ja, het dit natuurlik teruggegee aan die einde van die toer, né; is die klere teruggegee. En dit het hulle gegee en ons het natuurlik verniet op die skip gebly. En toe het ons vertrek op die 27ste Desember van 1963, uit die Kaapse hawe uit. En daar’t nou ... My broer was daar, Willem, was daar gewees. En my een tante was daar, en ander mense wat ek ken. En my broer se een vriend was ook daar – Jannie Engelbrecht, die ou wat later springbok,. die rugby Springbok; hy was ook daar gewees.

**V:** O, oukei ...!

**A:** En ons het die middag laat vertrek en ons is om die Kaap. En ‘n lekker aandetetjie ...

**V:** Was dit die RSA gewees?

**A:** RSA. Lekker aandete geëet, en so ent weg daar om die Kaap, toe besluit ek ek sal liewer op die dek gaan staan en die visse kosgee, jy sien? En toe’t ons nou, ‘n dag of wat later die ... in die Roaring Forties ingekom. Ek wil net sê, toe ek in die Vloot was,

was ek van Durban af Kaap toe met die Transvaal, en ons het in die ... in daai dele rondom die Skiereiland deelgeneem aan Cape Ex – daai militêre oefeninge, saam met die Royal Navy, né duikboot ne?  Daai stuk van die see naby die Kaap het ons ten minste geken. En toe's ons nou af suid-ooswaarts, soos jy weet, en in die Roaring Forties. En toe't ek op 1 Januarie '64 die laaste keer siek geword. Toe nog 'n dag of drie later, toe's ons by Bouvet-eiland. Toe's die see redelik stil gewees.

**V:** Het julle afgeklim daar?

**A:** Nee, ons het nie afgeklim nie; ons het nooit afgeklim nie. Ons het die middag laat, ek dink ons het na aandete daar aangekom, want dit was baie lank lig, by Bouvet verby gevaar. En toe's ons net 'n dag nog later, het ons ons eerste pakys gesien. Dan's die see mos nou stil, want die pakys demp mos die die deininge. Maar toe't ons amper drie weke in die pakys vasgesit. Wat vir my ook 'n ondervinding was, want ons het eerstens robbe geskiet vir kos vir die honde daar onder; en omdat ek nou van 'n plaas afgekom het, het ek myself voorgestoot as een van die jagters, jy sien. En ek het 'n hele klomp robbe geskiet. En ons het ...

**V:** Waarmee?

**A:** Met 'n 303-geweer.

**V:** n 303-geweer ...

**A:** Ekke self het 'n luiperdrob geskiet. En 'n ander luiperdrob wat iemand geskiet het, was gewond gewees, of gekwes; hulle het hom aanboord gebring – hom opgehys en dan  neergesit. En toe hulle die rob neersit – gelukkig was die tou nog om die rob se lyf vas – het hy skielik begin toon teken ... dat hy wys dat hy nog lewe. Sy oë het so groen geword. En nou't hulle die rob effentjies opgehys dat hy nie kan vatplek kry op die dek nie. En ek het 'n voorhamer gevat en met die voorhamer doodgeslaan. Nou jy ken min mense wat 'n luiperdrob met 'n voorhamer doodgeslaan het! Vir Marthan Bester ook vertel. Elke geval ... En ons het toe die foto's ... Koos van Zyl het die kamera bygehad. Hy was my kajuitmaat ... van die Universiteit van Wes-Kaapland, Universiteitskollege, en dan was daar Jan Nel van Pretoria en At Niemand van UNISA, 'n aardrykskundige. En dié vier was in 'n kajuit gewees, en op 'n dag het ons 'n Keiserpikkewyn gesien op die ys, en ons het die kaptein oorreed om die RSA te stop sodat ons kan gaan kyk na die pikkewyn.

**V:** Nou hoe't julle McNish oorreed om dít te doen?

**A:** Ons het dit gedoen; gevra kan hy stop. Toe stop ons. Toe't Koos van Zyl sy kamera op die ys neergesit en ons het foto's geneem daar van die rob en van die skip natuurlik. En nog 'n rukkie later het die skip eendag vasgesit en twee dae in die pakys gesit. Nou, om die skip los te kry, moet jy aan die kant van die skip agter, met byle en pikke en stokke werk – stokke om die ys weg te krap en byle om dit stukkend te slaan. Nou

vir my, wat van die Karoo af kom, ek het nooit ooit in my lewe gedink dat ek eendag in die Antarktika sal gaan sit met ‘n byl om ys stukkend te kap nie, om die skip los te kry nie. En dan sit hulle die ... haak hulle ... dan sit hulle wat hulle noem die “ysanker” in die krake, en dan sit hulle die motore aan agteruit, en hulle katrol die kabel in en dan trek hulle die skip agteruit. En ons het ook ... Eendag het die ... Ek dink dis in daai tyd ... Een oggend het die uitkyk wat op wag was gesê daar’s robbe daar voor; toe’t hulle ‘n paar robbe gaan skiet. En ons het uitgegaan; ek het saamgegaan, en ons het die robbe gaan haal. Nou moet die robbe een vir een ingetrek word. Maar naby die skip was daar ‘n poel water gewees, en ek was ver weg van die poel af, maar toe die ouens naby die poel kom, het ‘n moordwalvis sy kop uitgesteek en gekyk, jy sien? En weer gesak. Maar hy kon mos nou onder die ys deurgeswem ... Jy sien mos die skaduwee en dan kap hy ‘n gat, sien ... En soos ek vir ouens vertel het in my skyfievertonings, dat ek gaan nou nie sê wat die ouens aangevang het nie – dis almal my vriende – maar ek kan darem een ding sê: daar was wasgoed!

**V:** Hoe skiet mens ‘n rob? Is hulle maklik om te skiet? Of hoe ... ?

**A:** Kyk, eerstens was die krapeters geskiet – baie; en ons het ‘n Weddell-rob of twee geskiet; en die ander robbe het ons ... Ons het twee van die luiperdrobbe geskiet. Die ander ene het ons gelos, die ander tipe. Hy lê op die ys vir jou en kyk, en as hy naby die skip is, dan staan jy net eenvoudig, dan stop die skip; dan skiet jy hom.

**V:** Ja, want hulle is seker nou nie mensverskrik nie.

**A:** Nee, nee, hulle is nie bang nie. En dan ... een rob was ‘n hele entjie weg – seker 200 m van die skip af; hy’t agter ‘n ysskots, het hy seker ingeloop. En dit was my beurt om te skiet – ek het gereeld my skoene en my goed aangehad; as hulle sê “rob!”, dan hardloop ek, jy sien. En ek is af ... Jy’t ‘n tou aan jou lyf vas, en die rede is dat, as jy in die water val, dan moet hulle jou kan uittrek, en as jy uitloop daardie kant toe, dan stap ek na die ysskots; as jy terugkom, dan stap jy op jou eie spore terug, want jy weet daar’s nie nou krake nie, né. En ek het die rob agter die ysskors geskiet en ek het die teken gegee dat die rob ingetrollie ... die rob ingesleep tot by die skip ...

**V:** O, dan maak jy nou ‘n tou nou vas aan die rob ... ?

**A:** Dan sit jy die rob onder sy voorste pote, sy *flippers*, vas; hak ‘n tou daaraan vas. Jy moet natuurlik ‘n gat grou – die rob is mos nou swaar.

**V:** Ja, ja; jy kan nie die rob net omrol nie.

**A:** ‘n Stukkie tou en jy maak hom vas; gee die teken en dan trek hulle die rob in; dan stap ek op my eie spore terug.

**V:** En dan’t hulle die robbe opgekap sommer op die skip?

**A:** Nee, hulle het hom geslag. Robbe afgeslag, want ons het die velle teruggebring. En ek het baie robbe afgeslag. Hulle het my ‘n goeie mes gegee. Maar wat ek gesien het, as hy nou lank buitekant werk, dan raak jou hande dom, want jy moet mos met kaal hande werk. En dan gaan ek so in die skip in, dan vra ek iemand om die wasbak oop te maak. Dan sê ek maak die koue water oop, asseblief. As jy jou hande in die koue water indruk, dan brand jy eintlik van skrik, jy weet. Want die water voel anderster as die temperatuur buitekant. Ek noem hierdie goed, want dit word nie altyd aangeteken nie. Weet, die ondervinding nie.

**V:** Nee, dis doodreg.

**A:** Dit staan mos nêrens in ‘n boek nie. En ons het die velle genommer – ek het hulle self genommer – en toe ons terugkom, is die velle vir [phils] gegee; en die velle is gebrei en vir hulle uitgestuur, vir die mense wat die goed bestel het.

**V:** O, oukei. Nou wat het dié mense dan daarmee gedoen? Soos op ‘n vloer neergesit?

**A:** Mat gegooi.

**V:** Mat gegooi?

**A:** Op die grond. Ek het altyd van dié vel gebruik om by praatjies oor die Antarktika en die veld saam te vat om vir skoolkinders te wys.

**V:** So u het nog ‘n vel?

**A:** Ja, hy’s bietjie gehawend, want hy lê in die stoorkamer die meeste van die tyd. Hy gaan stukkend na ‘n ruk. Dis ‘n krapeterrob se vel.

**V:** En het julle ooit die robvleis self probeer?

**A:** Nee. Ons het die robbe net so in die vrieskas gesit. En dis by die basis afgelaai en dis daar stukkend gekap vir die honde. Maar ‘n ou kap gewoonlik net, dan sny jy stuk af of saag hom af, dan word dit vir die huskies gegee. Maar hy word nie geontdooi nie; hy word daar neergesit, dan gaan lê die hond op hom tot die vleis sag is dat hy hom kan eet.

**A:** Kyk, jy’t mos die huskies aan pale gehad daar by SANAE. En toe’t ons nou, toe ons daar aankom by die bukta, het ons ‘n paar dae gevat om die skip af te laai. Hulle’t die *derricks* – dis die hyskrane – gebruik om die goed op die ys neer te sit, en dan het hulle daardie voertuie nadergebring met die sleë; dan moet jy die goed rol en oppak op die slee, want die trekkers, die sneeutrekker, bly ‘n entjie van die kant af. Hy mos te swaar. Dan word die goed vir die 14 of wat kilometer na die basis geneem. En ek het ‘n dagskof gewerk. Ons het twee 12-uur skofte gewerk. Maar my kollegas en my een kajuitmaat wat nagskof gewerk het, is die oggend, as hy klaar is, dan kom hy terug, dan sit sy wimpers vol ys en sy snor ook vol ys. Maar selfs as jy dagskof werk is die temperatuur ... as jy –8 gaan en jy haal asem, dan kry jy ysbelle onder jou neus.

Nou't jy dik handskoene aan. Nou as jy dik handskoene het, dan kan jy nie jou sakdoek in die hande kry nie. Dan maak ons sommer soos mens op die plaas maak; ek kan dit nou nie verduidelik nie, maar ek vertel ... Jy trek jou mou deur jou neus, só, om jou neus skoon te kry, soos jy op die plaas ook maak. En dit was vir my taamlik interessant. En toe moes ek basis toe gaan, na die skip nou afgelaai het en afgelaai is, om vir Trevor Robertson te help om die luggloedhut te bou.

**V:** Ja. Julle het hom mos hier vooraf in die Kaap al ... ?

**A:** Ek het hom gemerk ... Ek het die onderdele gemerk en die verskillende panele gemerk; hy's in 'n kas verpak. Hy's na die basis geneem; hy's daar uitgepak, en ek en Trevor het hom toe aanmekaar gesit en op sy stelte gesit.

**V:** En hoe lank het hy ... Het die wind hom nie omgewaai of ... ?

**A:** Nee. Kyk, ek weet nie hoe lank hy gewerk het nie – dit moet jy vir Trevor Robertson vra as jy hom kry. En dit was baie interessant. Hulle het die op pad na die basis, merk hulle die pad met dromme; elke drie-, vierhonderd meter is 'n drom, want jy moet dromme hê, want die pad waai mos toe – daar 'n storm kom, is dit pad toe; die sneeuspore nou. En ek het 'n so stuk of 5, 6 dae in die basis gebly, wat vir my baie interessant was. Want die ander manne het nie die kans gekry; hulle het die geleentheid gehad om basis toe te ry en terug te ry, maar ék het in die basis gebly vir 'n paar dae.

**V:** So oom was die enigste waarnemer wat in die basis self 'n kans gehad het ... ?

**A:** Ek was die enigste waarnemer wat in die basis was, ja. Wat daar gebly het in die basis. Die ander manne meen ek – ek kan nie als onthou nie ... Miskien het hulle basis toe gekom en weer teruggery; gery, jy weet, met die Skidoo-goed, en dan kom hulle weer terug, né.

**V:** So daar was al Skidoo's gewees toe?

**A:** Ja. Dis so ... Hulle het 'n ... Nie heeltemal 'n Skidoo nie, want hulle het 'n trekker gehad, met die slee, en dan't hulle 'n hut gehad; 'n hut wat op 'n slee gemonteer was. En ons het .... Terwyl ek daar was, was Kaptein McNish ook by die basis, en ons het na die Noorweegse basis gery, wat meer suid was, met ander woorde meer binnelands. En ons het daar ingegaan – jy klim baie ver af, 21 m of wat af – en dis interessant om te sien wat daar is: al die Noorweegse kos wat nog daar was, en die kas Noorweegse vuurhoutjies wat ek daar gekry het.

**V:** Ja, ek het verstaan die Suid-Afrikaners wat daar gebly het was nie baie lief vir die Noorweegse kos nie, so hulle het dit maar net daar agtergelos.

**A:** Die kos het agtergebly.

**V:** Die *fiskeballe*, die *fiske* ...

**A:** Ja, ja; dis *fiskebollen*. Nou van daai Noorweegse kondensmelk en daai ander ... wat jy praat van *fiskebolle* ... sulke goed het ek teruggebring hiernatoe, en ek het vandaar die kondensmelk ... Die ander was ek bang ontplof; hulle begin later swel ... En ek het die etikette afgehaal en ek het dit als geskenk aan my vriend van Port Elizabeth, Gideon Roussouw; hy's 'n groot versamelaar – jy sal die goed by hóm kry.

**V:** O, so hy sal miskien nog 'n ou blik *fiskebollen* daar hê?

**A:** Ek dink nie hy't die *fiskebollen* ... Hy sal nog die kondensmelk daar hê.

**V:** En hoe't mens dan van die nuwe SANAE-basis na die ou Noorweegse basis gegaan? Ook maar met die trekkers?

**A:** Ja, met die sneeu-, met die ...

**V:** Kruiptrekkers.

**A:** Ja kyk, jy kan óf op die slee sit en baie koud kry, of jy kan in die hut gaan sit en minder koud kry. En toe ons die dag, toe ek nou finaal terugry na die skip toe, het daar natuurlik 'n klomp mense saam met ons gekom om afskeid te neem. Maar daar moes 'n sekere hoeveelheid mense in die basis agterbly om seker te maak in geval van 'n brand. Nou jy weet, brand is 'n groot gevaar daar onderkant. En ek en André du Plessis, die geofisikus, het nie plek gehad op 'n slee of binne-in die hut nie. Ons het bo-op die hut se dak vasgeklou, jy weet, soos ape. En ek het die hele pad – van die basis af tot by die kus – op die hut se dak vasgesit.

**V:** Mens raak seker lekker vasgevries teen die tyd wat jy by die skip kom?!

**A:** Ek was baie styf toe ek afklim. Ek het gedog my bene gaan afbreek. En toe't ons nou ... Ons het die middag laat daar aangekom en hulle het eers 'n braaivleis ook gehou – met planke, natuurlik; nou nie regte Karoo-hout nie – planke, en toe't ons in die bukta weggevaar. Ek het nog foto's geneem van waar die manne daar op die ys staan.

**V:** En die honde? Julle het nie honde afgevat nie ... ? Al die honde maar daar gekry?

**A:** Nee, die honde was daar. Die *huskies* – hulle was 'n hele entjie van die basis af. En elkeen was aan 'n paal vasgemaak, en ek het 'n hele paar keer met die honde gaan gesels, want dis 'n probleem – as jy by die honde kom en jy gesels met die een hond en speel met hom, dan tjank die ander honde. Dan kan jy nie terugloop basis toe nie; jy moet by elke hond aangaan en vir hom sê: "Oubaas se honne!", "Oubaas se honne!". Dan kan jy teruggaan basis toe. Anderster huil hulle vir 'n uur aanmekaar.

**V:** Was daar 'n spesiale hond gewees?

**A:** Nee ... Die Fielies, die een wat die kleintjies gehad het, het kleintjies gehad ... Nou een is deur 'n sneeutrekker doodgetrap, per ongeluk.

**A:** Maar daar was klein hondjies gewees toe ek ... seker so drie of vier of vyf daar gesien toe ek daar was.

**V:** Maar die klein hondjies het seker so bietjie meer los rondgeloop?

**A:** Ja, hulle het los rondgeloop. En die ma het ook los rondgeloop, Fielies. Maar die ander honde ... Party honde lyk baie soos wolwe as jy na die gesig kyk. Hulle het mos so geel kleur, en party is wit; maar hulle het baie soos wolwe gelyk. En onder in die basis natuurlik – jy weet, die basis was maar die ou tipe basis. Hy sneeu mos toe en om uit te kom moet jy uitklim na die dak toe. En binne-in, in daai ... Daar's 'n deel van die basis wat effens verhit word, ek sê wat so effens verhit word, soos die eetkamer en die slaapkamers en dan die kombuis ...

**V:** Ja.

**A:** En die ander deel is wat ons noem die "sneeutonnel", en al die kos word daar gehou. En daar's selfs daar, is dit koud, want die gewig druk die kaste ... Jy kan nie 'n kas uithaal nie; jy moet 'n kas oopbreek om die inhoud uit te haal.

**V:** Sjoe.

**A:** En naby die dieselkamer natuurlik, soos die hitte ontsnap, het hy sulke groot stalagtiete en stalagmiete gemaak van die water wat daar insyfer binnekant toe.

**V:** Hoe lank was julle daar gewees? Hoe lank het so 'n oorname geduur?

**A:** Ek meen dit was twee weke gewees. Maar ek was vyf dae in die basis. Maar al daai gegewens lê in die dagboek wat ek vir julle geleen het.

**V:** En die ou span, hoe lyk hulle nou as mens hulle nou die eerste keer sien? Die span wat julle daar gaan aflos?

**A:** Naar. Hulle het natuurlik lang hare en lang baarde, en natuurlik hulle doen dit miskien ook alspris om in die Kaap aan te kom dat hulle lyk soos hulle lyk, sien. Ek dink dis partykeer moedswillig gedoen. Natuurlik, klere lyk maar gehawend en so aan. Hulle lyk gehawend, en dan sodra hulle op die skip aankom, na twee, drie dae herken jy hom nie amper nie, want dan's hy mooi gewas en hy't bietjie sy baard *getrim*, dan lyk hy weer na amper na 'n mens. Maar selfs toe hulle in die Kaap aankom, het party so gelyk. Jy kan sien, die foto's wat in die koerante was, wat in daai plakboek is wat julle nou het.

**V:** En hoe was dit toe julle nou die eerste keer Antarktika, wel, daarso by die buktas aankom, hoe was dit om Antarktika te sien voor jou oopvou? Hoe lyk dit?

**A:** Ons het in die oggend die kus gesien, hier seker nege-uur, tienuur. Toe't ons afgevaar ... Dit was vir my 'n enorme ondervinding, want dis die eerste keer dat ek 'n ander vasteland gesien het. Onthou, ek was maar jonk gewees; ek was maar so amper 26

jaar; nie heeltemal nie. En jy sien die ysbank, die drywende ysbank. Jy moet onthou op, op die land kry jy mos die kontinentale ysplaat, wat onder die swaartekrag stadig uitvloei. Nou ons basis is natuurlik op die bank gebou, die ysbank gebou; dis nie op land gebou nie.

**V:** Op die *ice shelf* ...

**A:** Op die *ice shelf*, soos hulle in Engels sê. Daar is ‘n paar eilande onder, want hy’s taamlik stabiel daar. Dan sien jy die ysbank voor jou – hy’s seker so 20 m of wat hoog. En toe ons die dag daar aankom – ek dink ons het die 23ste Januarie – het dit ... was dit helder lig gewees. Helder blou lig en dan die verblindende wit ys wat jy voor jou sien. En toe’s ons in die bukta in en die kaptein het nie onmiddellik vasgemeer in die bukta in nie. Ek wil net noem, ‘n bukta is ‘n ysbaai. En dis eintlik ‘n eienaardige manier hoe hy vorm. Die ys beweeg in die see in en die ys is gedeeltelik gestuit op ... noem die maar eilande onder die ys. Maar tussen daai eilande, as die ys sprei, kry jy dat ‘n deel van die ys insak – hy maak as te ware, soos die Skeurvallei van Afrika, die Rift Valley, dan val daai stuk ys in. Dan sien jy aan die kant van die bukta, sien jy die krake loop so ‘n ent binnelands. En die bukta se ys is baie laag, terwyl die kante van die bukta hoog is. En die kaptein het die skip teen die ys gaan vasdruk, só. En ek het voor na die boeg toe gegaan, en daar het hulle ‘n leer aan wal gesit. En ek het ‘n ent afgeklim en toe’t ek gespring om op die Antarktika af te kom.

**V:** So gespring op Antarktika af ... !

**A:** En toe’t hulle ... Ja, ek het gespring. En dit was ‘n ondervinding, want dis die eerste keer wat ek op ‘n ander vasteland is. Behalwe natuurlik vir die feit dat dit Antarktika was. Daar’t hulle die skip omgeswaai; die skip het teen die ys vasgemeer en ... jy ken miskien die begrip “dooie man”, wat hulle gebruik om ‘n skip mee vas te meer. Jy grawe, by die boeg en by die agterstewe, twee gate in die ys – miskien so ‘n meter en ‘n half of twee meter dik; dan word daar ‘n groot dwarslêer – jy weet, ‘n spoorwegdwarslêer – word ... In hom word ‘n kabel vasgemaak, met ‘n lus aan; dan word daai dwarslêer in die gat ingegooi, dan krap jy die ys bo-op hom toe. Jy stamp hom vas. En dan nog om seker te maak dat die ding vas is, vat jy ‘n paar emmers water, gooi dit ook op hom vas, dat hy kan vasvries. En dan het jy daai lus, en dan om die skip vas te meer, het die vasmeertou ook ‘n lus in. Dan vleg jy die twee lusse so in mekaar en jy druk ‘n groot balk, paal, tussen hulle in. Nou jy sal vra hoekom sit hulle hom nie permanent vas nie? Die rede is as daar vinnig ‘n storm opkom en die wind draai, dan moet die skip vinnig uit die bukta kan uitgaan. So al wat jy het om die skip los te maak ... Dit het eenkeer gebeur. Die wind het gedraai, toe begin daar pakys in die bukta instroom.

**V:** Ja, dan kan die skip seker vassit daar .

**A:** Ja, nou's hulle bang daarvoor. Maar om die skip los te kry, is 'n oomblik; dis sekondes. As die bevel kom "Maak los!", dan spring jy aanboord; jy ruk die paal uit; jy ruk die tweede paal – die ouens daar voor by die boeg, ander paal uit. Ek het by die agterstewe, ruk die paal uit. Dan's die skip los.

**V:** En daar gaat jy.

**A:** Daar gaat jy. Toe't ons die see ingegaan. En ons het die see ingegaan en ooswaarts gevaar, langs die kus af in, in die rigting van die Trolltunga. Die Trolltunga is in werklikheid die mond van 'n ysrivier. Dis die ys wat van die land af beweeg – soos 'n gletser wat beweeg – dan loop hy verder as die ysplaat in die see in. Nou voor kalf hy natuurlik af, so Trolltunga is nooit ewe nie, elke jaar dieselfde lengte nie; nooit dieselfde vorm nie.

**V:** En dis daar waar oom die deining gesien het?

**A:** Ja. Toe ons by die Trolltunga kom, het ek opgemerk dat daar 'n deining is met 'n golflengte van tussen 200 en 300 m. En hy't ook 'n effe ... Ek kan nie die presiese amplitude onthou nie, maar dit was baie min gewees; 'n 100 m miskien of so. En dit het vir my gesê daar moet oop water hierdie kant toe wees. Weet, naby die Trolltunga. En toe die ... Toe ons die dag vertrek, terug Kaap toe, het die kaptein besluit, Kaptein McNish, om – toe ons by die bukta uitkom – om ooswaarts te vaar, al langs die ysbank, tot by die Trolltunga, en toe's ons in die see in. En na twee dae, twee nagte, het ons die oop see gekry.

**V:** Genade. En toe was dit seker nie meer lank voor julle in die Kaap is nie?

**A:** Nee, ons het amper in rekordtyd in die Kaap aangekom; 10 dae of so.

**V:** Die verslag wat oom moes skryf, wie't die opdrag gegee om die verslag te skryf?

**A:** Die Departement van Vervoer. Ek kan nie onthou of dit mondeling of skriftelik was nie. Dit was bietjie lank gelede. Hulle het vir my gevra om 'n verslag te skryf oor my ondervindinge en wat ek gesien het. En ek het die verslag geskryf twee, drie maande na ek teruggekom het; het ek begin skryf aan die verslag. En hy's getik en ek het die ding vir hulle gestuur; 'n hele klomp kopieë vir hulle gestuur, en my eie kopie ook gehou. Nou ek het my ondervindinge daar beskryf: wat ek gesien het en wat ek geleer het natuurlik; met ander woorde om te motiveer hoekom ek af was; wat dit vir my beteken het. En ek het ook 'n hele klomp aanbevelings gemaak vir as hulle weer 'n nuwe skip ... wat moet in die skip wees en wat gedoen moet word. Ek het aanbevelings gedoen om te sê watter soort navorsing gedoen moet word.

**V:** Maar wat het oom gedoen op Antarktika?

**A:** Gaan kyk.

**V:** Gaan kyk?

**A:** Gaan kyk. Ek het gegaan om te sien hoe lyk ‘n drywende ysbank; hoe lyk ysberge en hoe lyk die pakys op die see, want onthou, in Suid-Afrika, het ons 250 miljoen jaar gelede ‘n ystydperk gehad – die sogenaamde Karoo-ystydperk wat jy oor die hele wêreld gekry het ook – en ons het in die Karoo-gesteentes baie, baie groot ysafsettings hierso, wat uit daai tyd dateer. En as ek nou lees oor hoe lyk ‘n drywende ysbank en hoe lyk ‘n berggletser; hoe lyk dít, dan verstaan ek presies wat daar aangaan, want ek het die goed gesien.

**V:** Oukei.

**A:** Dit het vir my akademies gehelp ook, want ek het die goed ...

**V:** Was dit ook u motivering gewees vooraf?

**A:** Ja. Ek het eers later op die dwyka begin werk, maar ek het intussentyd, vir my MSc, het ek wel op die dwyka ‘n gedeelte van die werk op die dwyka gedoen.

**V:** Die dwyka is mos nou die Karoo ... ?

**A:** Daai Karoo-ystydperk. Dis toe die naam van daai Dwaika-stasie daar onder.

**A:** Vir my het die baie gehelp om dit te sien.

**V:** En hoe’t die dag in die lewe van ‘n waarnemer gewerk? Het oom nou maar saam in die basis geleef?

**A:** Ja, maar eers moet ek sê op die skip het ek niks gedoen nie; net op die skip gestaan en rondkyk. Natuurlik, eers toe ons by die pakys kom, het ek elke dag gekyk en foto’s geneem. En ek het ysberge gefotografeer. En by die kus het ons nou die kant van die drywende ysbank gefotografeer. En toe, op die land, het ek na allerhande goed gekyk. Maar die waarnemers het in werklikheid op die vaart niks gedoen nie, behalwe om te kyk. Maar, by die bukta self, het almal gewerk. Maar nie saak ... ongeag van ouderdom of rang of status of wat ook al nie, jy moes gewerk het. Jy moes help skip aflaai. Daar was nie ... Dit was mos ‘n ondervinding gewees.

**V:** Ja ... !

**A:** Nou, ek onthou nog, as jy ... om die slee aanmekaar te hak, met sulke hake, is dit partykeer gerieflik om jou groot, dik handskoene uit te trek om die yster los te maak. Maar die probleem sit, dan as jou hande nat is van die ys waar jy gevat het en jy vat aan die yster, dan vries dit vas, jy sien?

**V:** Het die gebeur ‘n slag?

**A:** Dis ‘n bietjie sleg, en dan, na so twee, drie weke op die see, as jy nou terugkom van die ... af, na so tien dae na twee weke, dan val die vingers se vel, val van jou vingers af.

**V:** Dis seker soos om te vervel?

**A:** Ja, dis soos om te vervel; dit juk net as ... die seer juk net.

**V:** Vertel bietjie meer van Kaptein McNish en Herr Funk.

**A:** Kaptein McNish was maar 'n taamlike stil ou gewees. Baie korrekte ou, en hy't ontdooi as jy met hom gesels eers, né. Hy't gelyk of hy 'n harde persoon was, maar in werklikheid ... Kyk, ons het hom een aand genooi, vir hom en die nuwe spanleier, Skroef van Zyl, om by ons te kom 'n apie of twee maak in ons kajuit, sien. En ons het daar ... Ek het 'n hele karba soetwyn gekoop in Stellenbosch, voor ek weg is. En ons het daar lekker gesels. Hy't allerhande stories vir ons vertel. Hy't ook 'n grap vertel van 'n ... mense wat ek vandag nog onthou, maar die grap kan ek nou nie in ordentlike geselskap vertel nie ... Dit het gegaan oor ... Nee ... Dis oor 'n Jood en sy vrou en ... In elk geval, 'n baie interessante grap gewees; ek dink nie almal het dit gevang nie. En hy't ontdooi, en hy't toe saam met ons ... Hy't toe ook die basis besoek, en op pad terug ... Hy was ook 'n halwe koskenner, want hy't by die Antarktika, by die Noorweegse basis, het ons 'n ding gekry wat hulle noem *lingonberry* – sulke groot blikke vol *lingonberries*. En hy't van daardie goed by die basis gevat en teruggebring, en hy't eendag 'n spesiale tipe *lingonberry*-pastei vir ons gemaak, vir die skip.

**V:** So hy was 'n redelik korrekte ou, wat soos protokol en so aan betref, maar hy was tóg toeganklik gewees?

**A:** Ja, ek het hom só ondervind. Natuurlik, ons het dit nog nie genoem nie; ons het vir vermaak op die see na films gekyk. Eers net in die aand, en dan later het elke ou ... eers elke week en later omtrent elke dag, 'n film gekyk. En wat ook interessant was, toe ons nou suid van die Antarktiese Sirkel kom, het ons een aand film gekyk toe hier halfeen se kant, en halfeen, volgens die Kaptein, ons tyd, was dit die middernag gewees. En voor die tyd ... Ek het presies, ek dink twintig voor een was dit middernag gewees, volgens ons tyd nou, en ek het bo-op die skip gaan staan, hoog op, daar by die brug, en ek het 'n foto geneem van net voor die son, voor dit nou werklik middernag is. En toe dit presies middernag is, toe neem ek weer 'n foto, toe lê daar 'n tafelysberg op die see; toe't die son net so oor die tafelysberg geloer. Nou die son kom só ... beweeg hy, beweeg hy; dan word dit middernag en dan gaan die son dié kant toe om, dan's dit die volgende dag. En ons het lekker koue bier gedrink – ons het bier op die skip gekoop. Ons vier het 'n tou gevat en vier blikke bier met 'n tou vasgemaak en by die patryspoort uitgehang. En dan vat jy nou 'n bier en jy gaan sit en kyk na die film hier onder, die fliek. Maar hulle het mos die rolle gehad van die film. En as die rol omgeruil word, dan moet een ou ophardloop kajuit toe; dan moet hy vinnig daai bier inbring en vier ander biere vasmaak aan die tou! Weer uithang; dan bring hy daai vier biere nou saam vir homself en sy drie kajuitmaats.

**V:** Lekker! En Herr Funk? Was hy ook op daai skip gewees?

**A:** Funk was die Tweede in Bevel van die skip. Hy was ‘n baie interessante ou. Hy was in Duitsland gedurende die Oorlog in die Kriegsmarine, die militêre vloot, en hy was ook in die sogenaamde E-bote, het hy my vertel. Dit beteken hulle ... Dis torpedobote, soos die Amerikaners dit noem – kleinerige bote met ‘n kragtige enjin wat vinnig kon ry. En hulle taak was om vyandelike skepe aan te val, want hulle kon stil in die nag vaar en skiet en tekere gaan en terugkom. Nou ek weet nie op watter aksies hy was nie, maar ek weet dat, byvoorbeeld toe hulle geoefen het vir die Normandie-invalle, by ‘n plek Slapton Sands by die suidkus van Engeland, het daar E-bote skielik tussen die skepe verskyn en ‘n hele klomp skepe gesink en uitmekaar uit geskiet en ‘n klomp – ek dink ses- of sewehonderd – Amerikaners het daar verdrink. Maar Funk het Engels gepraat met ‘n verskriklike aksent natuurlik, soos jy kan raai, en ek onthou, as hy ‘n rob sien, dan’t hy gesê: “Schoot ze zeal! Schoot ze zeal!”

**A:** Dit onthou ek goed van ou Funk. Soos ek gesê het, ek het altyd my klere aangehou toe ons nou onder by die pakys was. Want as hulle ‘n robjagter soek, was ek by gewees. Ek het nie nog gehardloop om stewels aan te trek nie, mukluks nie. Maar hy was vreeslik entoesiasties oor die robskietery: “Schoot ze zeal! Schoot ze zeal!”

**V:** Nou, ek wonder nou maar net hardop, hoe het dit gebeur dat Kaptein McNish en Herr Funk by die Suid-Afrikaanse navorsingsprogram beland het, of by die Departement Vervoer? Hulle is seker aangestel deur die Departement Vervoer?

**A:** Ja, aangestel. Hulle soek maar skepe ... Kyk, hulle adverteer – jy moet ‘n kaptein vir ‘n skip hê; jy moet offisiere hê; jy moet ‘n Tweede in Bevel hê.

**V:** Want McNish was ook nie ‘n Suid-Afrikaner van geboorte gewees nie. Hy was ...

**A:** Die kan ek nie sê nie. Ek weet nie. Ek weet eenkeer – ek kan nie onthou waar dit was nie – het ‘n ... of toe ons in die see ingevaar het, was Funk alleen op die skip, wat die kaptein nie daar was nie, want ek weet Funk was die bevelvoerder op een of ander kort vaart uit die bukta uit gewees. Maar Funk het nog baie lank ... Hy’t op die Agulhas ook gedien, as ek reg onthou.Julle vir Henry Valentine vra om die storie te vertel van Funk met die landingsplek in Marion, waar hy vir die manne gesê het: “When I say jump, you jump!” Ek gaan nie die res van die storie vertel nie; Henry kan dit beter vertel as ek.

**V:** Dis doodreg; ons sal vir hom vra! Die verslag het oom toe gepos na die Departement Vervoer toe toe oom terug is. En weer ‘n woord daaroor gehoor?

**A:** Niks daaroor gehoor nie. Niks nie. Net miskien, heelwaarskynlik, erkenning van ontvangs, skat ek. Ek het seker vyf kopieë of ses kopieë vir hulle gestuur, en nooit ‘n woord daarvan gehoor nie. Ek het nog nooit ooit iemand teengekom wat gesê het hy’t my verslag gelees nie; nooit nie. Nie ‘n Antarktiese navorser of enige ou of ‘n staatsamptenaar of wie ook al nie. En dié verslag, het ek ‘n kopie gegee vir my vriend

in Port Elizabeth, Gideon Rossouw, wat die versamelaar van die memorabilia oor die Antarktika en die Eilande was; en julle is nou die tweede groep vir wie ek ooit die verslag gee – jy en jou kollega.

**V:** Die skeepsvaart terug was amper in rekordtyd ... ?

**A:** As ek reg onthou, om dit só te stel, het dit twee nagte gevat om uit die pakys te om. En toe's ons terug; toe's ons op die oopsee. Ons het weer by Bouvet verbygegaan, maar nie naby hom nie, want dit was 'n helder sonskyndag gewees. Ons het ook walvisse gesien wat blaas naby Bouvet. En toe's ons Kaap toe. Op pad af het ons die aand, eers hier teen skemeraand – dis donker bewolk gewees – by Bouvet aangekom.

**V:** En is daar enige tipe van 'n seremonie gewees toe basis oorhandig is aan die nuwe span, of toe julle oor die Poolsirkel is, of ... ? Niks seremonies gehad nie?

**A:** Nee, nee. Nee kyk, dis moeilik by die basis. Want by Marion kan almal by die basis wees, dan kom haal die skip hulle. Maar by Antarktika bly ... kan almal nie in die basis ... Daar's nie plek vir almal in die basis nie. En as die skip toe kom ... Die dag toe ons vertrek het, die aand, kon almal ook nie weer skip toe kom nie; party moes agterbly in die basis om die basis op te pas teen brandgevaar. So ek kan nie onthou dat daar eintlik 'n seremonie was nie.

**V:** Oukei.

**A:** Amptelik moes hulle natuurlik die basis oorteken, né; maar daar was nie 'n seremonie nie. By Marion, twee keer, en by Gough natuurlik, het ek die seremonie self deurgemaak en gesien.

**V:** Ek wil nou by Marion uitkom. Wanneer is ook die eerste keer Marion toe?

**A:** 1997 of '98.

**V:** En wat was die doel van hierdie *trip*?

**A:** '97; en toe weer in '98.

**V:** En dit was elke keer met die oorname?

**A:** Ja, met die oorname. Nou net ... My verbintenis met Marion ...

Ek was 'n lid van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede, vir baie lank; later ook van SAHRA vir 'n rukkie. En ek het in 1978 besef dis nou 30 jaar sedert die anneksasie van Marion en Prins Edward. En ek het 'n verslag geskryf oor die geskiedenis van Marion en die geskiedenis van die anneksasie. En ek het 'n motivering opgestel en gesê dat siende dat Marion en Prins Edward Suid-Afrikaanse grondgebied is, behoort die Raad 'n klipstapel op te sit en 'n plaat op te sit om die anneksasie te gedenk. Dit is deur die Raad aanvaar, en toe kon ek self nie gaan nie, want onthou ek het die

ding geskryf. En ek het toe gevra dat die voorsitter van die Transvaalse Streekkomitee en daai sekretaris gaan. Die rede hoekom Transvaal: want Marion het geresorteer onder Pretoria.

**V:** Ja. So wie's die mense wat toe gegaan het? Wie was hulle?

**A:** Mnr [Cheeky]van Zyl – 'n afgetrede sakeman – die sekretaris.Die sekretaris van die streekkomitee. Hulle is toe af en die ding is gebou. Hulle het die plaat daar onthul. Daar was blykbaar 'n geweldige wind gewees, want hulle kon blykbaar nie 'n behoorlike opname maak van die klank nie. Daarna is die goed mos gepubliseer. En Mnr [Cheeky] van Zyl het 'n verslag geskryf oor sy optrede daar. En daar's ook foto's geneem wat ek vanoggend vir julle gegee het, in daai een boek – *Die Panorama* of waqt ook al. Een van die goed het foto's van ...

**V:** Ja, ek dink dit was een van die *Panorama*'s ...

**A:** Ja. En daarna, toe ... dit was 1978; toe staan dinge stil. En hier by '96 se kant, '97, toe hoor ek toevallig dat hulle gaan 'n wetenskaplike advieskomitee, bestuurskomitee vir Marion en Prins Edward aanstel. En ek het toe hier afgegaan na die Landmeter-Generaal se kantoor, en ek het vir 'n man gevra kan ek die Staatskoerant van so en so datum sien? Toe wys hy vir my, toe maak ons 'n fotokopie; toe kry ek dit. Toe stuur ek dit vir die sekretaris van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede, en sê vir hom kyk, hierdie Marion en Prins Edward is Suid-Afrikaanse gebied. Daar is baie argeologiese materiaal op die eiland – daai hutte wat die robjagters gebly het; wat die skipbreukelinge gebly het. En daar's 'n groot Suid-Afrikaanse teenwoordigheid daar sedert 1948. En ek het aanbeveel dat die Raad moet 'n verteenwoordiger op hierdie komitee kry. En toe's ek deur die Departement van Vervoer aangestel op die komitee. Toe sê, ek siende dat ek op hierdie komitee is, wil ek graag Marion toe gaan. Toe gaan ek Marion toe, en ek en die twee kollegas – Boshoff en Hart – het toe 'n span gevorm om na ou strukture te gaan kyk, van robjagters en skipbreukelinge. En ons het 'n hele ding opgestel daaroor, en daai verslag het julle. En toe ek terugkom, het hulle my gesê, of daai tyd, daar's 'n probleem met die dam by die Vandeboorgaardt-river; ek moet gaan kyk na daai versakking in die grond, en dan 'n aanbeveling maak van ... of vertel hoekom dit plaasgevind het en wat ons kan doen om dit te stop. Toe's ek die tweede keer af in '98.

**V:** En toe was julle afgewees met die Agulhas?

**A:** Agulhas.

**V:** En wie was kaptein?

**A:** Nee, ek kan nie onthou nie.

**V:** En hoe die ... Watter kontras was daar tussen die Agulhas en die RSA?

**A:** Baie groter skip. Hy't nie so baie gerol nie. Baie meer mense op die skip natuurlik. Onthou, die RSA was maar 'n klein skippie gewees, né. En hy't nie gerol nie, want hy's 'n ... Hy's eintlik 'n voorraadskip; hy's nie ysversterkte skip soos die RSA self nie. Onthou, die RSA het 'n ronde romp gehad; die bedoeling was as hy in die ys gaan vassit en die ys druk hom, die pakys, dan kan hy nog uit-*pop*, sien. Die Agulhas was anders gewees. Ek kan nie onthou wie die bevelvoerder was nie.

**V:** En die *journey* na Marion toe is bietjie korter?

**A:** Ja, dis korter. Dis maar vier of vyf dae.

**V:** Wat's u eerste indrukke van Marion? Het julle afgevlieg met helikopters?

**A:** Ja. Kyk, hulle vlieg almal van die helikopter af. Jy land nie meer daar of gaan met 'n vlot of 'n boot oor nie. Die helikopter het naby die landingsterrein ... Reg oor die basis, het die skip gestop; die helikopter het jou opgetel en neergegooi. Nou, dis weereens ... Jy klim af en jy loop in, en dan's daar mense om jou te ontmoet. En almal groet jou. Jy ken niemand nie en hulle ken nie vir jou nie, maar hulle word vreeslik vriendelik gegroet en welkom geheet, sien. En een van die wat ek nou goed onthou, wat Christine Handel gewees. Jy't seker gehoor hoe't sy die eerste keer op Marion aangekom?

**V:** Ja, ja ... ook as 'n skipbreukeling.

**A:** Ja. Ek het haar eintlik gekoggel. Ek het vir haar gesê hulle het jou met 'n boot daar tussen die seegras uit, die *kelp* uit, gesleep uit land toe. En sy was daar gewees. En ek, ons het baie daar gesien. Natuurlik, ek as 'n nuweling, moes die doopplegtigheid ondergaan. Julle verstaan dit, en dit is 'n ondervinding ...

**V:** Wat het dit behels in 1997?

**A:** Hulle het jou natgespuit onder andere; goed aan jou gesmeer – na bewering rotmis het hulle aan jou gesmeer; ek weet nie of dit so was nie. Hulle het goed aan jou gesmeer, jou hare gesmeer. En dan onder die tuinslang gesit, né. En dan is die bedoeling dat as jy nou teruggaan om te gaan stort, het hulle die warm water afgesny, dan't jy in koue water gestort om jou skoon te kry. Maar ek weet daar was een of ander skelmstreek. Iemand het daar vir ons warm water in 'n emmer gebêre of so iets, en toe't ons nou half die koue stort, het jy half vrygespring. Maar dan's jy nou ... Die tweede keer natuurlik ... dit word net eenkeer gedoen, né.

**V:** Ja.

**A:** En toe ek in '98 ook is na Gough toe ook, is dieselfde seremonie deurgegaan.

**V:** Wat het julle gesien? Watter soort artefakte was daar gewees? Watter soort historiese materiaal, argeologiese *sites* was daar gewees op Marion-eiland?

**A:** By die sogenaame Ship's Cove is daar 'n grot waar mense gebly het, en agter in die grot lê planke. En as jy teen daai kus langs loop, daai baaitjie wat jy langs loop, is daar baie planke. Want omdat daar baie keer ... die grond kruip af teen die hellings en modderstortings, kan jy nie meer hutte sien nie; al wat jy kan sien is planke wat uit die modder uitsteek. Dis planke gewees waarin skipbreukelinge gebly het. Hulle het 'n hut gebou wat hulle gekry het uit die planke van die skip, wat hulle gered het , sien. En dan, as jy reg anderkant die eiland kom, aan die westelike punt van die eiland, is daar grotte waar ouens gebly het. En daar't 'n rewolwer, 'n Webley-rewolwer, verskriklik verroes – hy't daar in die grot gelê. Ek het nog foto's geneem van die Webley-rewolwer. Heeltemal verroes. Hulle het ... Daar is vulkaniese as, wat redelik sag is, en as jy 'n pik,  byvoorbeeld gberuik of 'n byl, kan jy vir jou 'n tonnel grawe in daai vulkaniese as in – hy's nie verhard en gesilifiseer nie. En daar's sulke grotte, amper sulke tonnels, gewees waar die robbejagters gebly het – daar's 'n robkolonie naby.

**V:** En wat is nog in hierdie tonnels, behalwe die geweer? Was daar soos ... nog *tri-pots* of lampe ... ?

**A:** Ek kan nie onthou of ek 'n *tri-pot* daar gesien het nie ... Daar's miskien net sulke yster daar gewees. Die rewolwer het daar gelê.

**V:** Wat was julle aanbevelings gewees ten opsigte van hierdie argeologiese *sites*? Om dit net so te hou, of ... ?

**A:** Daar's een plek wat daar 'n Skandinawiër se naam groot uitgekap is teen 'n rots – groot staan die ou se naam uitgekap. En toe't ons al langs die suidkus van die eiland, ek en my twee kollegas, teruggestap oor 'n tydperk van vyf dae. Ons het nie vinnig gestap nie, want ons wou langs die pad kyk wat ons sien. 'n Hele klomp plekke kry ons nou hutte, tekens van hutte waar daar 'n hut was ... Ek weet nie; hy was nie toe nie – hulle het heelwaarskynlik 'n seil oor hom getrek; maar die klipmuur gesien. En ek dink die tweede of die derde laaste dag, het ons ... Daar's 'n taamlike mooi voetpad wat langs die see af loop – party plekke is daar nie 'n voetpad nie; jy moet net loop. En ons het die ... Die een voetpad wat teen die berg op loop, die kop, het ons misgeloop, en toe loop ons aan. En toe sien ons ons kan nie verder nie, want die see ... die rotse lê nou by die see. En toe't ons daar teen die krans opgeklim en gesukkel. En toe, onder 'n bakkrans, het ons ook 'n skuiling gekry, waar die mense 'n muur gebou het in die bek van dié bak krans. Dit was iets wat nie vantevore gesien was nie; wat nie aangeteken was nie.

**V:** Het julle enige menslike oorskot gevind?

**A:** Niks nie.

**V:** Niks?

**A:** Niks, nêrens nie; nêrens nie. Daar is mense begrawe. Kyk, naby die basis, net suid van die basis, is daar mos twee graftes.

**V:** Ja.

**A:** Van bemanning van die skepe van 1948, wat oorlede is daar. Ek dink een het verdrink, en ek weet nie wat die ander een oorgekom het nie.

**V:** Maar julle het geen robjagter-tipe oorskot nog gesien nie?

**A:** Geen graf van 'n robjagter; geen teken van 'n robjagter gekry nie. Ook niks in die grot nie; miskien is dit goed al weggedra. Daar was geen teken gewees nie.

**V:** En wat het julle aanbeveel ten opsigte van hierdie goed wat daar ís, sê nou maar die ou botteltjies ... Was daar ou botteltjies en sulke tipe goed ook nog gewees daar by Mixed Pickle of ... ?

**A:** Ja, by die basis ... sê nou maar die ou basis, want daar's nou 'n nuwe basis by Marion, was daar 'n sloot gewees, en binne-in die sloot het 'n klomp vuilgoed gelê. En ek en my kollegas het daar gaan krap en daar bottels uitgehaal. En binne-in die basis was daar so half in 'n museumkas, 'n klomp bottels gewees. En daar was in een van die stoorkamers, was daar 'n kas vol bottels gewees; ag, bottels, stukke yster, en so aan. Ons het aanbeveel dat die goed moet agter glas kom en bewaar word dat dit nie kan wegloop nie.

**V:** So nie *in situ* bewaar word nie?

**A:** Nee, want die goed ... Jy kon dit nie meer sien nie. Die goed in die sloot het daar gelê tussen plante. Jy sien 'n stuk miskien uitsteek daarso. Daar's nog natuurlik ... Daar moet 'n groot vuilgoedhoop wees. Maar dis toegegroei.

**V:** En die ander goed wat nou sê nou maar in die grotte is, of ... soos daai geweer, byvoorbeeld, het julle dit maar *in situ* gelaat?

**A:** Ons het hom net daar gelos, ja. En ons het ook aanbeveel hy moet gelos word. Maar ek kan nie sê hy's nog daar nie, want jy weet, die mense is snaakse goete – steek goed in die sak en dra weg, né ... Maar die rewolwer was maar nutteloos, want hy was toegeroes gewees. Dis net 'n kuriositeit; hy't nie gelyk na ... hy kan nie beweeg nie. Jy kan nie skiet met hom nie – dis net 'n ... vrotgeroes gewees.

**V:** Ja, en hy sou waarskynlik gedisintegreer het as jy hom te ver probeer vat het.

**A:** Ja, hy sal nog miskien 30 of 40 jaar, dan's hy weg. Maar die goed roes; daar's mos nat en klam heeldag.

**V:** Ja, klam die heeldag.

**A:** Prins Edward natuurlik, is daar ook 'n hele klomp strukture wat ek nou van gelees het natuurlik. Daar's blykbaar 'n paar goeie hutte ook nog.

**V:** Ja. Was julle ... So julle was nie self daar gewees nie?

**A:** Nee, ek was nie daar nie, want hulle laat mos niemand meer daar toe, behalwe om 'n baie goeie rede nie. Ek weet voor jy gaan, word jy mos as te ware skoon gewas en skoon geskrop en *gedip*, jy weet.

**V:** Ja, jy kry alles nuwe goed en ...

**A:** Selfs jou stewels ... Daar mag nie saad onder daai stewels en daai goed kleef en vassit nie. En dan word jy mos ... Elke nou en dan word daar mos mense toegelaat. Maar wat eienaardig was ... Ek het nou die goed gelees ... In die jare voor ons daar was, het hulle voor hulleby Prins Edward gekom, dan kry hulle voetspore daar op die strand. En hulle het 'n ... sê nou maar s*igarette*-pakkies gekry of Crunchie-pakkies ... dis ... lekkergoedpapiere gekry, elke ou, binnelands.

**V:** Wat nou definitief nie van die robjagters af kom nie ...

**A:** Dit kom nie van óns af nie, nee. Dit kom van ... Miskien daai mense wat visgevang het, die vissermanne wat die visse gevang het. Hulle land op Prins Edward op die kant wat jy nie kan sien nie. Hulle land aan die oostekant. Maar ek weet Suid-Afrikaners het voetspore daar gekry. En hulle het papier daar gekry.

**V:** Omtrent watter jaar was dit?

**A:** Dit moet voor '97 wees.

**V:** En toe, die volgende ... Moes dit ook nou alles in 'n verslag gesit word en ... ?

**A:** Nie ek nie; die ander mense wat ook daar was het dit in 'n verslag gesit. Maar ons het nie ...

**V:** Nee, maar ek bedoel oom se eie werk op Marion?

**A:** Nee, ek het niks geskryf oor Prins Edward nie.

**V:** Nee, maar op Marion?

**A:** Op Marion, ja.

**V:** En dit was ook in 'n verslag aan ... ?

**A:** Dié verslag was aan Omgewingsake gewees.

**V:** Wie was op daardie stadium die hoof van Antarktika en Eilande, die Direkteur?

**A:** Daar was 'n ... met die groep in Pretoria en die groep in die Kaap ...

**V:** Ja.

**A:** Henry Valentine was die hoof van die Kaapse kantoor.

**V:** En die Pretoria se kantoor, of het ... ?

**A:** Dit was nie Skinner gewees nie ... Nee, ek kan nie onthou nie. Kyk, Sam Oosthuizen was in die Kaap, en dan was daar 'n klerk, 'n Mnr Cyster, gewees ... weet nie of julle hom ken nie ... En dan, in Pretoria was daar mos Carol Jacobs – onthou jy vir Carol? Is sy nog daar, of nie?

**V:** Ja, Carol is nog daar.

**A:** Nog daar? My mintig! Carol Oosthuizen ... Dan was daar ... Was haar naam nie Booysens gewees, of so iets, ook nie?

**V:** Ek weet nie; ons sal gaan kyk.

**A:** Booysens ... Man, ek het gehoor hy is oorlede; hy't mos kanker gehad, of so iets. Skinner was daar ...

**V:** Nou's daar Skinner, Carol Jacobs, Tim Dongwazi. Sam Oosthuizen is in die Kaap.

**A:** Is hy afgetree, Sam; of is hy nog daar?

**V:** Nee, hy werk nog daar. Susan Vosloo is ook daar in die noorde.

**A:** En daar was 'n ander vrou wat daar was ... Sy was Gough toe saam met ons. Maar 'n jaar later is sy getroud; ek kan nie haar naam onthou nie. Toe's sy getroud. Sy was by Antarktika en Eilande gewees in die Kaap.

**V:** En die tweede keer, was dit nou spesifiek met die opdrag om te gaan kyk na die erosie?

**A:** Ja. Nou, daar's gesê dat die menslike aktiwiteite die erosie veroorsaak, en die versakking daar; 'n versakking wat die Engelse 'n *slump* noem. En ek het die ding baie mooi gaan kyk daarso. Wat daar gebeur het, is dat daar 'n natuurlike grondverskuiwing was. Hy vorm amper so 'n holte; hy verskuif. Dan loop die stroom klippe en modder en goed, loop af en dan onder waar hy in die vlakte kom, sprei hy soos 'n delta – hy't drie komponente. Met ander woorde, jy't die erosieletsel wat hy gelê het, en dan die ding ... En toe hulle die dam gebou het vir die doel van hidroëleketriese krag – ek weet nie of jy van daai storie gehoor het nie ...

**V:** (Ja.)

**A:** ... het hulle dik pype gelê. En hulle het die pype gelê van die dam af, af in daai erosiesloot wat natuurlik gevorm het. En as gevolg van die vertrapping ... Kyk, die grond bo het plante op, en hy lyk of hy partykeer so half 'n kors opkry, kan jy maar sê. Met die vertrapping van die mense, toe hulle die pyp gelê het, en die vertrapping toe hulle die pyp opgetel het, het hulle die erosie net vererger daarso. So jy't plaaslike erosie ín 'n erosiesloot gekry.

**V:** En wat was u aanbevelings gewees?

**A:** Nee, toe't ons dit voorgelê aan 'n komiteevergadering in Pretoria, en ek het voorgestel dat hulle moet ... Daar kan twee maniere dink ek doen. Jy kan ... Een manier is, jy bou skanskorwe – nou skanskorwe ... Jy vat ... Jy kan tou vat en dan 'n netwerk bou, dat die goed wat ... Met ander woorde ... Nie *nylon*-tou nie; gewone *jute*. En dan kan jy klippe inpak – wat jy in die omgewing moet optel; dan pak jy klippe, dan bou jy 'n skanskorf, wat die Engelse 'n *gabion* noem. Die ander het ek gesê: Gaan pak klippe daarso. En die komitee het besluit nee, los dit aan die natuur, dat die natuur sy gang gaan en kyk of die plantegroei nie daai erosiesloot gaan toegroei nie. Nou ek het vir myself gesê ek sal baie graag wil teruggaan en gaan kyk. En dan wil ek foto's neem op die presiese plekke waar ek foto's geneem het. En kyk: het hy stabiel gebly? het hy toegegroei? of het hy geërodeer? Daar's net drie moontlikhede.

**V:** Hierdie komitee, oom was op die komitee vandat hy gestig is tot wanneer?

**A:** Tot vir ... Twee termyne dink ek.

**V:** Twee termyne?

**A:** Ja. En ek het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede daar verteenwoordig. Maar met die laaste ... Toe hulle 'n laaste keer 'n komitee ... Ja, toe hulle wéér 'n komitee aangestel het, het die persoon wat die hoof was – die hoof uitvoerende beampte van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede; toe't hulle dit SAHRA genoem – jy weet, die South African Heritage Resources Agency. En dié persoon het, in my opinie, nooit die lêers gelees nie, en die vrou het nie behoorlik verstaan wat daar aangaan nie. En as gevolg van 'n ... Jy kan die sommer platweg noem 'n kombinasie van onnoselheid en naïewiteit, is ek nie genomineer nie. En hulle het een of ander gemors gemaak met die nominasie, en ek is toe nie genomineer nie. Ek is toe nie op die komitee nie, en ek weet nie of SAHRA nou 'n verteenwoordiger op daai komitee het nie.

**V:** So dit was van SAHRA se kant wat die nominasie moes kom, en daarom is oom nie weer genomineer nie, want die persoon wat die besluite neem by SAHRA ...

**A:** Daar was 'n vergadering van die uitvoerende komitee gewees. En hulle het nie geweet nie ... Ek het 'n hele ding gesê vir hulle; 'n hele ding voor die tyd gesê. Hulle het 'n besluit geneem op grond van geen inligting nie.

**V:** So het hulle fisies die besluit geneem dat hulle nie weer iemand gaan nomineer nie?

**A:** Nee, hulle wou eers nie nomineer nie. Hulle het gesit en sloer en sloer. En toe uiteindelik, toe nomineer hulle vir my en toe laat weet die Departement van Omgewingsake die komitee is klaar aangestel al.

**V:** Oukei. So dit het van SAHRA se kant gekom?

**A:** Ja, daar't 'n gemors gekom. En dink nie ... Ek weet nie of daai mense behoorlik geweet het wat is Marion nie. Ek dink nie hulle het behoorlik begryp dit is Suid-Afrikaanse grondgebied nie. En ek het kontak verloor met SAHRA, en ek kan nie eers vir jou sê of SAHRA 'n verteenwoordiger op daai komitee het nie.

**V:** Ek dink nie so nie.

**A:** Ek skat nie so nie.

**V:** EK twyfel baie sterk ...

**A:** Nee, ek sê net; ek twyfel.

**V:** Nee, ek twyfel rêrig sterk of hulle iemand het.

**A:** Dit pla my, want ek weet niks daarvan nie.

**V:** Ek weet hulle wil volgende jaar weer 'n tipe argeologiese span afstuur, en ek sal bietjie uitvind of dit SAHRA-gekonnekteer is of nie.

**A:** Ag Here, SAHRA is omtrent besig om dood te gaan. Ek het gehoor hulle wil al die streekkomitees doodmaak. Jy weet, daar's 'n streekkantoor in Bloemfonteim?

**V:** Ja.

**A:** Ek weet nie of hy nog bestaan nie. Ek het gehoor hulle gaan toemaak.

**V:** Ja, ek het gehoor die Britte gee nou al die geld vir die grafte en ... doen dit self ...

**A:** Dit is korrek wat jy nou sê. Dis korrek. Ek was op die ... Hulle het 'n Burgergrafte-Komitee gehad. En hulle het die British War Graves Committee gehad. En ek is, uit die bloute uit, aangestel as voorsitter van die Burgergrafte-Komitee. En toe't hulle besluit om dié twee komitees saam te laat vergader en dan te amalgameer. En toe't ons die vergadering gehou, en ek was ... het baie goeie werk gedoen, want ek het ... Ek het hier in die Vrystaat ... Of 'n ou 'n Boer of 'n Brit was het nie by my getel nie, want wat by getel het, hy's 'n slagoffer van die Boere-Oorlog. So ek het ewe entoesiasties en met ewe groot ywer gewerk vir burgers en vir Britse grafte. En daai komitee, hulle sou, toe hulle die eerste SAHRA aanstel, sou hulle binne ses maande besluit watter soort komitee ... hulle gaan weer 'n komitee aanstel. Dis nou al tien jaar gelede. Daar het niks ... Sover ek weet, het daar niks van gekom nie.

**V:** So dis maar die ou verhaal van herstrukturering wat nooit plaasvind nie?

**A:** Niks nie. En daar is nie 'n Burgergrafte-Komitee nie; en die Britse Oorlogsgrafte begin nou hulle eie goed doen. Ek het nou, twee maande terug, toe ek in Murraysburg was, het ek Britse grafte gaan fotografeer in die plaaslike begraafplaas, en Juniemaand het ek 'n plaaslike klomp grafte gaan afneem. Britse grafte – ek het 'n Boeregraf; ek het een Boeregraf al gekry.

**V:** Sjoe ...

**A:** So ek weet nie wat daar aangaan met SAHRA en hulle betrokkenheid by Marion nie. Ek skat ... Ek dink nie hulle weet daar ... Hulle ... Nee, ek weet nie. Nee, ek dink nie hulle weet eens hulle moet betrokke wees nie.

**V:** Nou, as iemand met baie kennis vir erfenis ... Wat sou oom aanbeveel moet die erfenis van Marion-eiland gedoen word?

**A:** Ek sal sê hulle moet die goed wat daar bewaar is miskien noukeuriger bewaar en vir die mense noukeurige instruksies gee. En wat daar moet gedoen word, daar moet merkers opkom. Jy moet byvoorbeeld by Ship's Cove sê: "In hierdie grot het daar mense gebly van daai tyd, van dáái skip wat hier gesink het." En jy sal daar waar die planke uitsteek ook 'n ding moet opsit, iets wat ekologies vriendelik is. Jy kan nie net 'n klomp ysterpale gaan inkap nie; jy sal miskien houtpale gebruik, wat van ... Of 'n klipstapel gaan opsit wat van plaaslike klip gemaak is. Plaaslike klip. En jy sal moet die goed merk orals, en jy sal 'n ...Is daai nuwe kaart van Marion ooit gepubliseer wat hulle sou publiseer het?

**V:** Daar is ... Met die nuwe name?

**A:** Ja.

**V:** Ja, dit is gepubliseer.

**A:** Is dit gepubliseer?

**A:** Nou waar koop mens hom? By die Staatsdrukker?

**V:** Jy kan dit by die survey ... Observatory; ja.

**A:** Ja. Nou daar was ook 'n klomp politiek by betrokke, soos jy weet, né?

**V:** Ja ...

**A:** Name gegee van plekke die name van mense gegee wat totaal en al niks te doen gehad het met Marion nie.

**V:** So u het nog nie die nuwe kaart gesien nie?

**A:** Nee, ek sal hom maar moet bestel. Maar ek weet dat daar naamsveranderinge was wat ek nie mee saamgestem het nie, wat vir my verkeerd was, want jy gee 'n nuwe naam deur mense wat betrokke was in die ... wat die besluite geneem het. Hulle word nie meer geëer nie; hulle is vergete. Dis nou die nuwe Suid-Afrika, jy sien.

**V:** O, ja.

**A:** En dis onvanpas om name te gee ter ere van mense ... of wat ook al, wat niks te doen gehad het met Marion nie; wat nie Marion kon spel nie.

**V:** Soos watter naam?

**A:** Nee, ek weet nie wat toe uiteindelik ... Ek weet 'n klomp is ... Hulle moet Jan Smuts-Piek byvoorbeeld weggevat het en iets anderster genoem het, of wat ook al.

**V:** Ja, ja. Hulle het dit gedoen. Dis nou ... Die twee hoogste pieke is nou Mascarin en Resolution.

**A:** Is dit nou vernoem na skepe?

**V:** Ja.

**A:** Dis miskien oraait.

**V:** Ja, Mascarin – dit is die hoogste piek – dit is die skip waarmee Marion Dufresne daar verby gekom het, en Resolution is Cook se skip.

**A:** Ja-nee, dis ook miskien reg ...

**V:** Ja.

**A:** Maar daar was ander voorstelle ook gewees.

**V:** Ja-nee, ek kan so dink.

**A:** Wat ek nie mee saamgestem het nie.

**V:** En daar's ander goed wat hulle afgehaal het. Soos die een ding ... was die een koppie "Oubaas" gewees, maar hy's na die hond vernoem ...

**A:** Ja, ek weet; ja.

**V:** En "Oubaas" is nou vir hulle 'n vreeslike ding ...

**A:** Ja, maar dis nou kastig ... "Baas" is nou rassisme, jy weet.

**V:** ... 'n vreeslik *offensive* naam gewees.

**A:** Baas-Klaas verhouding ...

**V:** Ja. So was oom daarby betrokke gewees, met die naamkomitee?

**A:** Net in die ... net ... En toe's ek mos af van die komitee af, jy sien.

**V:** Is oom bekend met die nuwe zones wat daar is op Marion-eiland?

**A:** Nee, ek het net gehoor daarvan; dis al. Daar was altyd, toe ek daar was, zones – zone dit om die kamp; in daai zone kan daai ouens gaan; in daai zones kan die ander mense gaan. Dit kan ek onthou. Dit was nie daai tyd goed toegepas nie. Want ek bedoel, ek ... ons is in die westekant van die eiland afgelaai; ons het 'n rede gehad om daarnatoe te gaan.

**V:** Ja. So oom is ten gunste daarvan dat daar zones is waar mense moet kom en waar minder mense moet kom, dat meer beheer toegepas word?

**A:** Ja, ek is ten gunste daarvan. Maar dan moet daar ... Dit moet op ‘n eerlike en regverdige manier toegepas word. As ‘n ou na die gletsers wil gaan kyk bo-op die berg, dan moet hy kan gaan kyk. Maar ek sal nie sê hy moet 20 ouens saamvat om sy goed te help dra nie. Dis nie ‘n safari in Afrika in die ou dae nie. Daar moet ‘n behoorlike motivering en rede wees. Maar nou, wat die zones betref, jy kan nie mense in die basis hou nie. Jy kan vir hulle sê: maak ‘n sê gaan Juniorskop toe, of loop Ship’s Cove toe – jy was ook by Ship’s Cove?

**V:** Ja, ja.

**A:** Ek kan nie sien dat daai zone kan so wees dat jy soontoe kan gaan nie.

**V:** Ja-nee, dit is ook so.

**A:** Die mense wat van die skip af kom, wat van die skip af geland het, hulle ... Terwyl ons op die basis is, is hulle op die see, op oseanografie. En ‘n hele klomp keer, as hulle nou kom, dan kom hulle af basis toe; dan sê Henry vir my: vat die ouens asseblief Ship’s Cove toe. Want ek ken mos die pad soontoe. Dan moet ek sorg dat die ouens in die voetpad bly.

**V:** Ja.

**A:** Dit was my taak gewees. Hulle moenie dwaal oor die eiland nie.

**V:** Ja-nee.

**A:** En ek het gewys: hier moet jy so loop, en as jy om daai draai loop ...

**V:** Hulle moet wegbly van die albatroskuikens af ...

**A:** ... bly weg van die robbe af ... Jy moet só loop om van die robbe weg te bly. En julle gooi nie klippe na die pikkewyne nie; sit weg ... en moenie raas en arms swaai en lemoene gooi en sulke goed nie.

**V:** Ek dink tans kan jy op jou eie beweeg, of saam met ‘n ou spanlid, kan jy ... Trypot kan jy op jou eie gaan, maar die res van die eiland móét jy saam met iemand gaan. Jy moet uitteken en daar moet ‘n *log*-boek wees ...

**A:** Ja, maar hulle moet in elk geval uitteken.

**V:** Ja.

**A:** Ek het na die Vandebogaardt-rivier toe geloop en ek het elke keer uitgeteken, dan sê ek: ek gaan soontoe en kom vanmiddag daai tyd omtrent terug.

**V:** Ja, die Vandeboogaardt-rivier is mos ook redelik naby; dis nie vreeslik ver nie.

**A:** Ja, dis naby, maar dis darem ‘n loop. Maar ek bedoel, ek het uitgeteken elke keer as ek ... Ek het Trypot gesê ek gaan sóóntoe en sal daai tyd terug wees. Jy moet dit doen. Dit was daai tyd ook so gewees. Maar ek bedoel, toe ek ... Henry wat vir my

gevra het om die besoekers te vat ... Ek het vir hulle voor die tyd gepreek en gesê kyk, jy bly op die voetpad en jy gaan nie ... druk nie jou kamera se lens teen die albatros wat op die nes sit, die kleintjies se gesig nie; jy bly soveel treë weg van die albatros af. En ek het voorgeloop en ek het gewoonlik ‘n ou gekry om agter te loop. ‘n Truuk wat ek jare gelede in die veld geleer het: jy moet ‘n ou kry wat agter loop.

**V:** Ja; ‘n slot soortvan.

**A:** Ja-nee, hy moet daar loop ...

**V:** Hy moet altyd laaste loop sodat hy kan sien niemand dwaal af nie.

**A:** Ja, behalwe as ‘n ou nou ‘n draai wil gaan loop agter ‘n bos natuurlik ... Dan is hy agter en hy kyk; en ek is voor. En ek het vir die ouens gesê jy moet dít doen asseblief; loop so, en maak so, maak so.

**V:** Pasop daar ...

**A:** Pasop daar ... Pasop, hier’s daai ...

**V:** Maaier ...

**A:** Daai maaier, soos hulle sê.

**V:** Ja!

**A:** Ek het dit baie gedoen. Ek het ‘n hele klomp ouens Ship’s Cove toe gevat.

**V:** Wat ... As ‘n mens nou hierdie mense van die skip – ek aanvaar ‘n mens neem ook soms van die skip se bemanning en so?

**A:** Ja.

**V:** Wat interesseer hulle die meeste? Sou oom kon veralgemeen?

**A:** Ek sal sê die diere; vir my gelyk. Die diere, want elke ou ken nie ‘n rob nie; en elkeen ken nie ‘n olifantrob nie. Jy ken nie dit nie. En die pikkewyne is snaakse goed, jy weet. En dan natuurlik die basis is ook snaaks: hoe lyk ‘n basis? hoe leef jy daarso? Ek het netnou vir julle vertel hoe’t ek die mense vermaak met my lesings toe ek vir hulle die skyfie wys van hoe lyk ‘n hangkas; ‘n man se hangkas, jy sien.

**V:** Oom het daarso ook lesings gegee?

**A:** Nee. Ek het net hier ... Ek het baie, baie praatjies oor Antarktika gee. En Marion; baie. Baie, baie gegee. Vir die ... Jy weet, ek hier byvoorbeeld gegee vir die geologiegebou-ouens, en ek het vir Stellenbosch se aardrykskunde-ouens gegee ...

**V:** Maar in hierdie lesings, wat is dan die soort goed wat die studente dan ... of die mense wat luister en kom luister, die meeste oor uitvra?

**A:** Ek wys vir hulle hoe lyk die eiland; hoe lyk die basis; wat doen jy in die basis; hoe lyk dit in die basis. Ek het vir hulle foto's gewys van die oorname, weet, daai ouens wat so aantrek, snaaks aantrek. En ek het sulke goed vir hulle gewys. En dan wys ek vir hulle die veld; die navorsing. Ek wys vir hulle daai hutte wat gebruik word vir navorsing. En het daar gewys die ballonne, hoe die ballon opgaan. En ek het gewys waar't die helikopter geland. Dan't ek 'n leertjie geologie vertel ... Hierdie is hierdie vulkaan en daai ding lyk só; hier's daai tou waar die lawa en die *scoriae* en so aan.

**V:** En wat sou oom sê is die belangrikheid van Suid-Afrika se betrokkenheid by Marion en Antarktika, vir Suid-Afrika?

**A:** Wel, dis tweeledig. Dis eerstens bewaring van 'n gebied wat ongeskonde is – soos ook die ander eilande daar in die suide. En natuurlik weerkunde en navorsing. Jy moet daarmee aangaan, want Marion is 'n resente vulkaan. Onthou, ons het nie vulkane op Suid-Afrika nie; hier op land nie. Ons het nie vulkane wat ... Die jongste vulkaan wat ons het, is 60 miljoen jaar oud of 70 miljoen jaar oud. En daar is goed wat ... Die ou lawa, die grys lawa, is taamlike ou lawa. En dan daar, daar was 'n baie intense glasiasie, toe kom die nuwe klomp lawas. En jy weet, daar was maar so 40, 30 jaar gelede, was daar ook mos 'n uitbarsting aan die westekant. En wat interessant is, groot Suid-Afrikaanse geoloë het gesê Marion is 'n uitgestorwe vulkaan. Nou ek leer vir my studente in die eerste jaar jy moet nooit sê 'n vulkaan is uitgestorwe nie, behalwe as hy 60 miljoen jaar oud is. Jy moet sê "sluimerend", né. En hy was 'n uitgestorwe ... dan borrel die lawa uit. En was jy by die Santa Rosa-vallei gewees?

**V:** (Ja.)

**A:** O, jy't mos om die eiland geloop. Het jy noord om geloop of suid om geloop? Meeste mense loop noord om, dink ek.

**V:** Ja, ons het noord om geloop; ja.

**A:** Onthou jy die Santa Rosa?

**V:** Ja-nee, ek onthou die lawa wat mens kan sien, daai onlangse lawa-*flow*, wat letterlik ... jy sien sommer hoe dit gestop het.

**A:** Ja, maar dit is daar aan die westekant waar daai nuwe lawas was; ja. Maar kyk, die Santa Rosa is mos in die middel van die eiland, onder.

**V:** Ja, en dis moeilik om deur te loop ... !

**A:** Nou, daai Santa Rosa, né, was ... Dit lyk of dit ook 'n insakking was van die kant van die berg, toe loop die lawa af. Nou daai Santa Rosa sê ek vir jou kan nie 10,000 jaar oud wees nie; hy's jonger as dit.

**V:** O?

**A:** Ja, want daar's dan niks op hom nie; hy's dan nie ...

**V:** Ja, daar's nie eens plantegroei op alles nie.

**A:** Ek ... As ek daai ou ... 10,000 ... Ek is jammer. Daai goed is vir my jonger – 'n jong lawavloei. Daar's nie plantegroei; daar's mos nie verwering eens op hom nie.

**A:** Daai nat omgewing moet jy mos ... Dis nie sub-tropies nie, maar jy moet mos nat chemiese verwering kry.

**A:** Ek glo nie daai stories nie. Ek wou gesê het, die ... Een ding, weerkunde ... Maar weerkunde is nie meer heeltemal so belangrik geword nie, want jy't mos nou baie satelliete wat baie goed vir jou vertel voor die tyd. Maar onthou, in die noordelike halfrond, is al daai eilande al lankal bewoon al; al lankal oorheers en platgeskiet en platgestoot en afgevee. Hierdie suidelike eilande het 'n bietjie swaar gekry onder die robjagters en onder die pikkewynjagters ... Die Britse eilande naby die Falklands, jy weet; Suid-Georgia en daai eilande. Weet jy hoe't hulle daai pikkewyne gebraai daarso?

**V:** (Nee.)

**A:** Hulle het die potte, tri-pots gehad. Dan't hulle 'n *ramp* gebou, 'n kraal, 'n *ramp*. Dan jaag hulle die pikkewyne in die kraal, dan jaag hulle die *ramp* op, dan jaag hulle anderkant af, dan val hulle in die pot.

**V:** Ha ... Hulle kook hulle vir olie ... Dis verskriklik.

**A:** Dan word hulle gekook vir olie. Nou weet jy ... Nou gaan ek vir jou 'n vraag vra – ek vra dit vir my studente ... Jy's nou nie 'n student nie, maar ek gaan vir jou dieselfde vraag vra. Hulle het op Marion, het hulle olifantrobbe gekook, *getry*, om die *blubber* uit te kook, om die vet uit te haal. Marion het nie bome nie; hy't bosse. Wat het hulle gebruik vir brandhout?

**V:** O ... Bene?

**A:** Kool saamgeneem?

**V:** Die veen?

**A:** Veen is papnat. As jy daai veen uitgrawe en jy pak hom op 'n klip ...

**V:** Ja, dis papnat.

**A:** Jy moet onder 'n dak sit, dan vat die drie jaar voor hy droog is.

**V:** Ja, dis 'n baie goeie vraag. Ek het geen idee nie. Wat het hulle gebruik?

**A:** Pikkewyne.

**V:** Daai pikkewyn-*blubber*.

**A:** Nee, pikkewyne; heel pikkewyne.

**V:** Vere en al ...

**A:** As jy 'n groot vuur maak; as jy hom aan die brand gekry het en jy gooi pikkewyne, dan brand hy mos. Hy was vol *blubber*, daai ... veral hierdie ...

**V:** Ek het nog nooit so daaraan gedink nie! Dit brand soos 'n kers!

**A:** Ja.

**V:** Dis verskriklik!

**A:** Hy moet warm genoeg wees. Kyk, daai veen ... 'n Putveen, hy's ... pak hom; sit 'n dak oor hom en maak hom toe dat hy nie kan natreën nie, gaan jy twee jaar vat vir daai veen om uit te droog. Hulle het pikkewyne gebruik man! Glo jy my nie?!

**V:** Nou hoe het dit gebeur dat oom Gough toe is?

**A:** Man, ek het mos gaan kyk na daai sogenaamde veenversakking daar – die *peat slip* daar by die eiland. En jy weet die basis is gebou naby die see, maar net naby die basis is daar so half 'n holte waar veen en klei versamel het. En die goed is besig om te versak, om in te val. Dis 'n natuurlike proses; die *peat slip*. Hy sal aanhou tot hy later stabiliseer, sien. Maar hy's taamlik hoog bokant die see gebou. Jy moet op, op, op loop, tot daar bo. Maar Gough is 'n moeilike eiland. Ek was net daar om daai goed te kyk. Maar jy kan nie vreeslik baie lekker rondloop daar nie, want dis baie bergagtig en so.

**V:** Watter jare was dit nou gewees?

**A:** '98. '98, ja.

**V:** O, so was dit direk voor, of direk na ... ?

**A:** Net na Marion. Marion was Mei-maand se kant; April-Mei. En Gough was hier September, Oktober. Dis in daai boek wat ek vir julle geleen het. Dit staan daarin ook. En ek het 'n bietjie rondgeloop, maar nie vreeslik nie. Ek het gaan kyk na daai een baai hieronder, waar die robbe en daai goed ook lê. Hulle het baie interessante plantegroei daar. Kyk, hy's mos nie so ver suid soos Marion nie.

**V:** Nee, hy's eintlik mos maar meer ...

**A:** Kaapse weer, kan jy maar sê.

**V:** Ja ... Dis ook nie heeltemal ... Daar's debat of dit regtig klassifiseer as sub-Antarktika.

**A:** Nee, hy's nie sub-Antarkties nie. As 'n ou vra hoe lyk die weer daar, dan sê ek dis soos die Kaapse winterweer, net 'n bietjie erger, dis al. Want hy lê mos net 'n bietjie verder suid as Kaapstad.

**V:** Ja, soos ek verstaan, onder die metkassies staan dit bekend as "Banana Island".

**A:** Hoekom so?

**V:** Want hy's net 'n bietjie meer 'tropies' as die ander eilande ...

**A:** O ja, ja ek sien in vergelyking met die sub-Antarktiese eilande; ja. En hy't digte plantegroei en dan't hy ... Hy't natuurlik daar ook nou voëls; een ding ... wat noem hulle dit? [Moorhen] Wat daar rondhardloop – ek weet nie of hy kan vlieg nie; hy lyk so snaaks, soos 'n waterhoender of ding. Jy sien hom loop, dan loop hy in die bos in, jy weet. Natuurlik vreeslik baie seevoëls ook. Maar daar maak 'n soort albatros [Tristan Albatros] nes op die eiland. Hy't so geel geel bek, en as jy by die basis staan en jy kyk suid, dan sien jy 'n berg met 'n krans. Nou hier by sononder, dan is dit 'n nes ... dit lyk soos 'n wolk albatrosse wat daar nes maak.

**A:** Interessant ... Wat vir my vreeslik snaaks is, is dat is daar is op Gough al twee of drie mense wat daar dood is – óf in die see verdrink, óf op die eiland weggeraak.

**V:** Ja, van *exposure* ...

**A:** Ja. Op Marion is dit nog net een, is dit nie?

**V:** Op Marion is dit daai ou wat dood is met die anneksasie-bou storie ...

**A:** Wat het gebeur daarso?

**V:** Hy't van die skip afgeval, of van die *dingy ...* Toe hulle strand toe is, toe kom daar 'n fratsgolf en toe verdrink hy.

**A:** O, dan't dit nou kort gelede gebeur, toe hulle die nuwe basis gebou het?

**V:** Nee ...

**A:** Of praat jy van die anneksasie?

**V:** Ek praat nou van die anneksasie. Nee, nee; daar't nog nie weer iemand op Marion doodgegaan nie.

**A:** Ek dog dan daar's 'n ou dood nou die dag?

**V:** O nee; dis Antarktika.

**A:** O, dis op Antarktika?

**V:** Hy't by 'n yskrevas afgeklim en toe val daar 'n stuk ys op hom.

**A:** O. O ja, daai ou van Marion ... is óf een óf twee ouens wat verdrink het, dáái tyd; dis in 1948 gewees.

**V:** Ja, hulle het wel nou 'n mediese evakuasie gehad op Marion, van 'n ou wat in 'n rivier geval het en toe gaan staan sy hart. Hy't vreeslik erg hipotermies geraak.

**A:** O, dis dit wat ek aan gedink het.

**V:** Ja ... Hy leef. Dis die ou wie se kamera in die see geval het.

**A:** Toe wil hy die kamera gaan haal, of wat?

**V:** Ja.

**A:** Toe slaan die water hom?

**V:** Nee, toe slaat hy in die water! Toe val hy in die water en toe loop hy terug basis toe. Maar toe's hy heeltemal ...

**A:** Papnat ...

**V:** Papnat en hipotermies.

**A:** Phew!

**V:** En toe het sy hart gaan staan en hulle het hom aan die lewe weer gekry. En toe kom haal die skip hom.

**A:** Weet jy, mens wil amper sê dat as jy jou klere uitgetrek het en jy't kaalgat geloop, dan't jy beter daar vanaf gekom.

**V:** Ja.

**A:** Maar jy weet, die wind op daai water – hy vries vir jou vas.

**V:** Ja, hy was gelukkig. Hy was daar by die Vandeboogaardt-river dink ek, so hy was nie te ver van die basis nie. Maar in elk geval; hulle moes hom kom haal.

**A:** Maar lank ... Onthou jy hier voor 1964, het 'n ou daar op Gough ook weggeraak.

**V:** Ja.

**A:** Jy weet daarvan af?

**V:** Ja. Jy was ook 'n hoof-meteoroloog gewees, dink ek.

**A:** Ja, en toe ek op die RSA was, was daar 'n bootsman, 'n Kleurling, en twee seuns was ook op dieselfde skip. En ek het vir hom gevra weet jy? En toe sê jy ja, hy was op ... Hy't by Gough aangegaan. Hy was daar saam gewees toe hulle daai man gesoek het. Nou ek het vir hom gevra hoekom is die ou dood; toe sê hy hy't van sy kop af geraak. Hy't onstabiel geraak. Was sy naam nie Spannenberg of so iets nie?

**A:** Maar daar't 'n snaakse ding gebeur ... Ek het al met mense gepraat daaroor. As jy baie koud begin kry, en jy loop, dan kom daar 'n gevoel van warmte oor jou; dan begin jy jou klere uittrek. En hy't dit gedoen; daai ou. Kyk, jy loop, en jy't min kos. En jy raak later gedisorienteer, en jou verstand gaan ook weg later. Dan's daar 'n gevoel van 'n gloed op wat op jou kom. Dan kry jy warm; dan trek jy jou klere uit. En dan vrek jy. Dis wat daai ou oorgekom het ook.

**V:** Sjoe.

**A:** Ek het al met meer as een ou gepraat oor daai verskynsel. Dan vertel hulle my ... Jy weet, bergklimmers en sulke ouens vertel my die storie.

**V:** Ja. Dis ‘n ... seker maar een van daai verskynsels ... As jy begin hipotermies raak en dan begin jy ... jou brein ...

**A:** Ja ...

**V:** Bloed kom nie lekker deur nie ...

**A:** Dan trek jy jou klere uit, want jy kry warm ...

**V:** En in terme nou van die Kleurling-bemanning ... Was hulle ooit saam af gewees op Antarktika? Het hulle voet aanwal gesit?

**A:** Nee. Daar was ...

**V:** Matrose?

**A:** Op die RSA was daar baie matrose gewees; Kleurlinge. Maar hulle was nie deel van die span gewees nie.

**V:** Nee, nee. Natuurlik ... wel, vir daai tyd nie, maar as matrose, het hulle ooit voet aanwal gesit of nie? Het hulle op die skip gebly?

**A:** Nee, hulle moes gehelp het om die skip se vasmeer, as ek reg onthou. Maar wat ek onthou, is dat ... Onthou, op ‘n skip is daar net ‘n paar wat hulle noem “dekmanne”, né? En die ander ouens is enjinkamer-ouens en sulke ... en kelners en so aan. En wat ek onthou van die RSA was dat die manne wat die hyskrane gewerk het, was onder andere van daai manne gewees wat gehelp het laai. Maar hulle’t nie op land gelaai nie; hulle het op die skip gelaai. Maar dis dekmanne; daar’s net ‘n paar dekmanne, soos hulle sê. Maar ek kan nie onthou of hulle aanwal gegaan het en of hulle basis toe gegaan het nie. Ek kan dit nie onthou nie. Miskien het hulle gehelp om die skip vas te meer en los te maak. Maar met dit het ek ook gehelp; almal het daar gehelp. Maar ek kan dit nie spesifiek onthou nie.

**V:** Ek Hoe sal apartheid op ‘n skip werk?

**A:** Kyk, die hele RSA se bemanning daai tyd was ... die gewone dekmanne was almal Kleurlinge gewees daai tyd; ek praat van ’64. Was almal Kleurlinge gewees.

**V:** En hulle het nou seker net in die arbeiderskwartiere of so iets geslaap?

**A:** Ja, in die bemanning se kwartiere gebly. Kyk, die hoof-bootsman, die *bosun*, soos wat hulle hom in Engels noem, was ‘n Kleurling gewees, en hy’t twee seuns daar gehad. En dan was daar die ou wat ... die skrynwerker – Chippy was ‘n Kleurling gewees. Ek onthou hom goed. En ‘n hele klomp ander. Maar hulle was die dekmatrose gewees. Dis soos dit op die Agulhas was ... Toe ek daar was op die Agulhas, was dit dieselfde gewees. Ook dekmatrose gehad.

**V:** Huidiglik op Marion, kry hulle iewers geleentheid om net te kom kyk ook na basis en te kom rondstap. En dan gaan hulle weer terug? Soos oom het hulle mos dan nou so Ship's Cove toe gevat en daar geloop ...

**A:** Ja, maar ek kan nie onthou wie almal in die span was nie. Ek onthou ek het mense gevat, 'n hele klomp keer, want Henry het 'n hele klomp keer vir my gevra om mense na Ship's Cove te neem.

**V:** So Gough-eiland, dit was ook net tydens 'n oornameperiode gewees?

**A:** Ja, 'n oorname.

**V:** En op Tristan?

**A:** Baie foto's geneem en gekyk na die goed. Kyk, daar't 'n ou mos in die see verdrink, daar naby die basis, eenkeer.

**V:** Ja, hulle het visgevang of iets, en toe slaan die ...

**A:** Ja, hy't visgevang en toe slaan die brander, die water, hom af.

**V:** En Tristan? Het oom 'n bietjie met die mense daar gepraat?

**A:** Ja, ons het by Tristan aangekom ... En kyk, dan word die skip afgelaai. Dit vat seker so twee, drie dae. Daar moet 'n groot klomp vrag moes afgelaai word, met goed wat van Engeland af kom – pos; en goed wat hulle in Suid-Afrika gekoop het, wat gekoop is, vir hierdie mense aangekoop is vir kos, né. Want dan die ... Ek wil net vertel ... Die Tristan-eilanders self het die aflaaiwerk gedoen. Hulle het in die ruim gewerk, die goed gelaai in die nette; die goed opgehys; die goed aanwal gevat. En ek en 'n paar ouens het aanwal gegaan en ons het reguit geloop na die huis van die goewerneur toe, onsself voorgestel daarso. Ek het nog vir hom gevra kan jy e-pos Suid-Afrika toe stuur, na my familie hierso. En toe't ons daar rondgeloop op die eiland. Ek het gaan kyk daar waar die ... Daar was mos 'n kreeffabriek gewees, maar hy't mos heeltemal toegeloop onder die lawa ... Dit was 'n hele entjie; 'n entjie met een of ander voertuig van iemand wat ons daar langs die kus van die basis wes gery en om die kus gery vir so 'n klein entjie. Die basis is mos aan die oostekant van die eiland; die noordekant van die eiland, bedoel ek.

Ons het omgegaan na die weste toe, 'n klein entjie. Dan want ons was nie heeltemal by daai aartappellande wat hulle van praat – die *potato* patches – nie. Ek het meer na die klippe gekyk daar. En dan by die ... Ons was hier, naby waar die kreeffabriek toegevloei het, die lawa ... Jy onthou mos, daai plek is mos ontruim hier in '62?

**V:** Ja. Toe's hulle Brittanje toe, en toe was daar sprake ... Soos ék dit verstaan, was daar sprake dat hulle die mense nie weer gaan terugvat nie; die mense wou graag ...

**A:** Dit was die bedoeling gewees. Maar ek het vir mense gesê daar op die eiland, dat die Britte wat gesê het kom ons verwyder die mense, het nie 'n vulkaan geken nie. Hulle het nie 'n vulkaan se storie geken nie; wat beteken daai klein uitbarsting nie. Hulle het oorgereageer. Dis wat ek sê. Of, die anderkant van die storie is, hulle het dit as 'n skuifmeul gebruik om die ouens van die eiland af te kry – dit is die ander teorie. Kyk, die uitbarsting op Marion, 30, 40 jaar terug, was mos 'n klein uitbarsting in die weste gewees. Dis mos nie die eiland wat oorgekook het en lawa uitgeskiet het, soos daai uitbarsting hierso. En dieselfde is by Tristan. Nou daai soort van ding vorm wat ons noem 'n warm kol onder die mantel, 'n *hotspot*. Jy kry ... As hulle warm word, dan smelt dit, dan gee dit vir jou die vulkaan bokant. Nou vat Hawaï, Mauna Loa en Kilauea, daai twee vulkane – hulle is nie 'n gevaar vir die eiland nie. Hy bars uit, dan loop hy pad toe; loop 'n paar motorkarre toe; loop water toe – dan's dit weer verby.

**A:** Tristan was 'n klein uitbarsting gewees. En ek is nog steeds van die opinie dat die Engelse nie die ding verstaan nie. Maar toe vat hulle die ouens mos Engeland toe; sê hulle hulle wil terugkom.

**V:** Kan oom onthou of julle paspoorte moes gehad het om op Tristan of Gough te kom? Want dis mos nou wel Britse grondgebied.

**A:** Nee ... Ons moes 'n paspoort mos saamvat vir Marion ook, want jy was uit die land uit.

**V:** Ja, om uit die land uit te kom. Maar toe julle voet aanwal sit in Tristan ...

**A:** Nee, ek het nie 'n paspoort gewys nie; net afgeklim. Nee kyk, jy moes 'n paspoort hê in die Kaap en weer terug. Maar ek het nie in Tristan 'n paspoort *geflash* nie.

**V:** Wat presies moes oom in Gough gaan doen het?

**A:** Daar was die versakking in die veen ...Die *peat slip* – dis eintlik veen bo en klei onder. Hy't geversak. En ek moes daarna gaan kyk het.

**V:** O, oraait. Waarom? Het hulle vermoed daar is menslike oorsake, of is dit maar net 'n wetenskaplike ... ?

**A:** Nee, nee. Dit is ... Hulle het gedink dit is ... Ek kan nie onthou wat hulle gedink het nie, maar ek sê dis natuurlike oorsaak. Jy't 'n vallei gekry wat afgeloop het na die see toe. En daai vallei is opgevul met grond en plantegroei. En nou, soos ... Dis 'n oervallei gewees, en nou, soos die see nader gekom het en nader geslaan het, het hy 'n steil wal gemaak. Die vallei lê so; dan's die afdraand ... sê maar hier's die vallei, hierso; hier's die af ... af na die see toe. En nou die grond het beginne inspoel, inspoel, inspoel; dan sny hy 'n wal terug en dan sak daai wal in, en dan oorgroei dit.Hy's nie 'n gevaar vir die basis nie. Inteendeel, dis 'n hele ent van die basis af. Die basis is op klip gebou.

**V:** Hoe sou oom Antarktika beskryf?

**A:** Ek kan amper sê ... Baie interessant aan die een kant, as jy ‘n geoloog is en jy kyk na die ... op pad af, ysberge, pakys en die ysbank se kant toe wat jy sien. Aan die anderkant vervelig, want jy sien dieselfde ding aaneen oor en oor.Uiters vervelig. En ek kan dit vir jou só beduie: die ouens vra vir my hoe lyk die Antarktika as jy daar na die basis toe ry? Ek sê ek kan vir jou eenvoudig wys: gaan sit ‘n skerm wat jy skyfies op projekteer voor jou neer; sit ‘n sterk *spotlight* agter jou; sit op ‘n stoel en skyn daai *spotlight* op die skerm ... Dan sit jy daar vir ‘n paar uur en kyk; dan weet jy hoe lyk die Antarktika.

**V:** En hoe sal oom Marion-eiland beskryf?

**A:** Nee, wag nou eers. Antarktika ... Ek was nog nie by die nuwe basis natuurlik nie. Die nuwe basis is daar op die nunataks gebou, en hy’s op stelte gebou. Die geologie en die geomorfologie behoort daar baie interessant te wees. Maar jy kan ook nie honderde kilometer om jou gaan rondloop nie, so as jy die stukkie klaar gesien het, het jy dit klaar gesien. Marion is anderste. Marion is nou, soos die Amerikaners sê, “God’s own country”. Daar’s darem baie te sien daarso. En jy ... By die basis, jy’t daai lawavloeie daar by die basis; dan loop jy daar na die Vandebogaardt toe, dan kry jy daai grys lawa daar. Aan die linkerkant is daai askegel, Juniorskop, né – hy bestaan uit die brokstukke van die lawa.

**V:** Is dit die Afrikaans vir ‘n *scoriae cone*? ‘n Askegel?

**A:** Ja, of ‘n [breksiekegel], As jy nou van die Vandebogaardt af verder noord kyk, dan sien jy daai Drie Suster-vulkane wat ek jou gister van vertel het. En dan, as jy nou ... as dit nou oop is die dag, sien jy die sneeu daar bo, op die berge. Maar ek was mos met die helikopter daarbo gewees. Daar’s ‘n vulkaan – die krater is daar. Natuurlik dis nie ‘n vulkaan ... dis sulke goed wat die goed uitgeskiet is natuurlik. Dan staan jy daar, dan kyk jy af ... Jy moenie te na aan die kant gegaan het nie ... Daar ‘s mos ‘n radiomas daar bo-op.

**V:** O ja, dis by [Snoep].

**A:** Dan kyk jy hier af ... Daai foto wat ek jou gewys het ... Jy’t mos die een foto vanoggend gesien – dis die foto van bo van die berg af geneem.

**V:** Ja, ons het daar op die krater geloop nog.

**A:** Toe ons die dag ... Ek het mos ... Henry het mos gevlieg; ons het gekyk na Vandebogaardt en foto’s geneem met die video en kamera. En die helikopter is oop aan die kant natuurlik. Jy maak jouself vas dat jy nie kan uitval nie, né. Kyk, jy’t ‘n *belt* en jy hak jouself vas aan die ... hierso, dat as die helikopter só maak, dat jy nie uitval nie; nie uitval nie. En toe ons nou langs die noordelike kus gevaar het, dan kyk ek af,

dan kan jy sien hoe die lawa uitgeloop het. Dan loop die lawa teen die berg af, maar soos hy loop, stol hy op die kante. En dan maak hy ... En dan loop die lawa ... In die middel het hy geloop. Dan sien jy die lawa met twee walle, soos [levies] wat jy in die rivier kry, met die lawa in die middel. Natuurlik gestol – dis jare terug, né, maar jy kan duidelik sien dat die rivier het geloop, en dan stol hy en dan loop die rivier in die middel. Dis interessant om dit te kan sien.

**V:** Ja, dit moet besonders wees vir 'n geoloog om dit so duidelik te kan sien.

**A:** Om dit só te kan sien, ja. Dis daai ... Dis so rooi lawa gewees. Ek het mooi foto's daarvan geneem. Natuurlik daai ... Onthou, die vulkane bo – ek gaan nie sê wat die ouderdom is nie, maar in my opinie is daai goed by die Santa Rosa-vallei baie jong goed. Baie jonger as die goed wat jy by die basis ... Die basisgoed is mos toegegroei.

**V:** Ja, ja. Ja, dis daai swart lawa met daai plantegroei bo-op, wat jy so verbrokkel en wat jy so maklik teen jou been kan breek.

**A:** Ja. En dan, ek het ... Daar's manne wat daar gekarteer het. Luc Chevalier het goeie kaarte geteken, maar ander ouens het 'n klomp verskuiwings gewys wat nie bestaan nie. Hulle wys verskuiwings wat nie daar is nie. As jy daar by Ship's Cove om die draai loop, nog aangaan, dan kry jy ... Hulle wys op 'n kaart twee verskuiwings wat só loop, met die lawa hier ... Maar dis ingesak; dan lê die lawa hierso. Dit is 'n vallei wat só gelê het ... Die lawa het in die vallei afgeloop. So as jy onderkant is en jy kyk op, dan sien jy 'n vallei só en die lawa wat in die vallei lê. Daar's nie verskuiwings nie. Maar was jy hieronder by die *fault* gewees, daar na Trypot en verby?

**V:** Ja.

**A:** Jy klim met die touleer daar op ...

**V:** Met 'n leer ... Wel, daar's nou 'n staalleer.

**A:** Ja, oraait; staalleer of wat of al ... Die Fault; dis sy naam, né?

**V:** Ja, dis sy naam. Dis op pad daar Mackey Bay ... daar af.

**A:** Ja, as jy af gaan. Nou ek sê vir jou, die Fault is nie 'n *fault* nie; die Fault is 'n verskuiwing, né. Jy kry ... Sê nou maar dit is die Marion-basis, lê daar ... en dan lê die grys lawa hierso ... Hier's die Fault, né; hier lê die swart lawa. Reg? Hy's nie 'n *fault* nie. Ek het hom mooi gekyk; ek het hom geloop daarso. Dit is 'n ... Die lawa, as jy vat voor die swart lawa ingeloop het, het daar ... As dit nou die kuslyn hier is, en Marion is nou daar ... Marion se basis is hier ... Het 'n kuslyn só geloop en daai rif net oos van Marion; daar lê mos ook grys lawa daar – dit was die ... Die baai het amper geloop tot daar by die Vandebogaardt-rivier se dam; die baai, né. Hierdie is 'n marinekrans – 'n branderkrans – met grotte in. As jy met die Fault op- en afloop en jy kyk, jy sien die grotte hier onderin.

**V:** Ah, oukei ...

**A:** Dis lawa wat afgeloop het in daai vallei, die lawa wat Marion-basis op staan, die basalt. En dit het teen daai vallei afgeloop. Maar 'n *fault* is 'n ding wat só gebreek het, met skuifskeure; jy kan sien.

**V:** So daai ding het nie geskuif nie?

**A:** Nee, hy't nie só gemaak nie. Dis 'n ... Kyk, as jy van Marion af met die boot afry, verder af, dan kry jy mos daai marinekrans hierso, af suid, na Macaronibaai onder toe. Daar kry jy 'n krans. Dan kyk jy, dan't hy grotte in. Nou met die Fault sien jy ook die grotte, maar daar's nog lawa voor hom. Daai ding is nie 'n *fault* nie. En daai goed daar bo van Ship's Cove af is ook nie 'n *fault* nie; dis 'n vallei met lawa wat in die vallei afgeloop het. Ek sê vir jou: daar moet nog geologiese werk daar gedoen word.

**V:** Hoe sal oom voel oor toerisme op Marion-eiland? Ek sien u verslag is ook hier.

**A:** Ek sal dit toegelaat het, maar op 'n beperkte skaal. Jy kan nie 'n 1,000 toeriste aan wal bring daar nie. Met ander woorde toerisme op 'n beperkte skaal, en dan moet hulle beperk word tot 'n sekere kol. Jy moet die basis vir hom wys; jy moet hom laat Ship's Cove toe loop; en jy kan na Trypot toe loop of wat ook al. Maar jy kan nie 'n horde mense kry wat oor die aardbol versprei soos 'n klomp lewe wat loop in 'n ... hulle Juniors toe stuur of Vandebogaardt toe nie.

**V:** Hoekom sou oom sê moet toeriste toegelaat word?

**A:** Dis Suid-Afrikaanse grondgebied. 'n Ou kan sê ek wil daar wees; dis ons grondgebied. Hy mag daar wees. Maar jy moet hom beperk tot sekere ... Jy moet die getalle beperk. En dis 'n goeie advertensie om toerisme daar toe te laat, né. Dis my opinie; dis nie ander ouens nie. Dis nie ... Dis nie Rudi van Aarde se opinie nie.

**V:** Nee, nee; ek vra vir oom se opinie; dis nou nie ... Wat sou, in die 1960's, op Antarktika, was daar 'n bewustheid gewees van die internasionale belangrikheid van Antarktika? En die belangrikheid van Suid-Afrika se betrokkenheid daar vir betrekkinge, diplomatieke betrekkinge? Sou oom sê daar was 'n bewustheid daarvan gewees onder die wetenskaplikes, of nie?

**A:** Baie groot, ja.

**V:** En internasionale samewerking ...

**A:** Dit was baie groot gewees. Maar ek's nie seker of dit vandag nog so internasionaal bekend is nie. Want baie Suid-Afrikaners weet niks, maar die ou wat daar werk, is aktief en entoesiasties. Die ander mense weet niks daarvan af nie. Hulle weet nie eens van Marion af nie. As jy vir 'n ou sê ons het 'n basis in Antarktika, dan weet hy nie daarvan nie. Keer 'n ou in die straat voor ...

**V:** En in terme van buitelandse sake, het hulle vir julle enige iets gesê oor ... Toe julle af is Antarktika toe, was daar enige *directives* gewees van hulle kant af? Iets wat hulle wil hê julle moet doen of wat hulle wil hê julle moet nie doen nie?

**A:** Nee, ek kan nie onthou van so iets nie.

**V:** En toe julle daar was, het julle kontak gehad met van die ander basisse? Soos Rusland, of Noorweë ... nie Noorweë nie; Duitsland.

**A:** Nee. Ek het nie baie met die radio-ouens gaan praat nie. Maar ek weet in di Antarktika, weet ek, het die ouens skaak gespeel met die Russe, wat 'n entjie daarvan af was; ek dink die Russe was hulle naaste bure gewees. En ek weet hulle het skaak gespeel met die Russe, want dis die dae toe daar nog nie betrekkinge was nie, né. En toe't Rusland soos jy weet het aaneen gehuil en geplof, jy weet. Die ou Rusland; as jy op 'n kaart vandag kyk, kan jy sien ...

**V:** Ja, die Sowiët-Unie ...

**A:** Die noordelike deel is die, is die Federasie; Oekraïene is op sy eie ... Georgië is op sy eie ... Ja. Nee, ek weet daai tyd het die ouens skaak gespeel met hulle. En wat ek onthou is ... Jy onthou mos, daar was 'n probleem met die Russiese basis gewees op 'n tyd. Hier voor 19 ... Kyk, Rusland het ineengestort in 1990, né.

**V:** Ja, '89, '90. Die val van die Berlynse Muur.

**A:** Kyk, in '89 het die Berlynse Muur geval. En toe's dit net 'n kwessie van tyd, toe val Rusland inmekaar. Maar voor daai tyd, het daar mos 'n Russiese vliegtuig geland hier in Pretoria en dis mos ... Hulle het mos gereël hiervandaan gevlieg Kaap toe, en toe Antarktika toe gevlieg. Jy onthou mos?

**V:** Is dit in die koerantuitknipsels?

**A:** Gaan lees dit. Daai vliegtuig het ek gesien. Nou weet jy hoe? Ek het eendag teruggevlieg van die Kaap af, van 'n vergadering af, en toe kondig hulle op die vliegtuig aan, as jy links kyk, bakboordkant, dan sien jy die Russiese vliegtuig kom, kom die Russiese vliegtuig onder ons verby. Maar dit lyk mos of hy vreeslik vinnig vlieg, maar jy weet, die Boeing vlieg só en die vliegtuig vlieg só. Maar nou, dit was nog in die tyd van die muur nog gewees; die Ystergordyn. Hulle het in die Kaap geland en daarvan af is hulle Antarktika toe. Dit het gebeur, ten spyte van die politiek, jy sien.

**V:** Hoe was mense se reaksie op die feit dat oom nou in Antarktika was? Hoe't hulle gereageer? Hoe het hulle gereageer, en hoe is hulle reaksies ... Is dit verskillend van hoe hulle in die '60's gereageer het, as wat hulle nou hoor van iemand wat op Marion was?

**A:** Man, eerstens, ek was in die sestigerjare nog op Stellenbosch gewees, sien; daar gebly. En dit was 'n groot sensasie as die skip terugkom en daar's mos artikels in die koerant en foto's en stories, né. En op Stellenbosch self; ek moes net daarna ... Ek moes in dieselfde jaar, '64, 'n praatjie gee vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – alhoewel ek toe nie 'n lid was nie. En daar was 'n praatjie in die Fisika-gebou gewees êrens, of waar ook al. Die dierkunde van ... een ou het gepraat oor fisika, en ek het gepraat oor ysstrukture. En ek het vir die Studentevereeniging gepraat. Maar deesdae, as jy nou hier, by die Universiteit hoor 'n ou gaan Marion toe; dan's dit: "O, jy gaan Marion toe ... " Jy weet, dit ... Antarktika ... Dis nie sensasie nie; min mense praat daarvan. Dit lyk of die ouens dit maar beskou "ag wat". In die ou dae was dit 'n ekspedisie om Antarktika toe te gaan. Vandag lyk dit of hulle sê ag man, jy ry net sowel met die bus tot daar en jy kom terug. Weet, dis 'n feit.

**V:** Spruit dit uit onkunde uit, dink u? Of waarom?

**A:** Ek dink dis onkunde; onkunde.

**V:** Mense wat dit maar as vanselfsprekend aanvaar ...

**A:** Ja, daar's ... Jy weet, die mense .. Die wêreld het anders geword. Televisie het die wêreld vergroot en ander dinge vir jou gebring; en internet en ander dinge vir jou gebring. Dis nie meer so 'n verskriklike ding om Antarktika toe te gaan, of om Marion toe te gaan nie. Dit was 'n ekspedisie daai tyd; dis nie nou meer ... Vir mý is dit snaaks; vir my was dit snaaks. Maar die gewone ou weet eintlik nie daarvan nie; hy dink nie daaraan nie. Ek het op Stellenbosch, toe't ek vir die Geologie-gebou ... ek het 'n praatjie gegee, maar vir enige student wat ... Dis geadverteer dat studente kan kom. En dit was in '64.

## END VAN TRANSKRIPSIE